

---

# Wêreld van Môre

---

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 10, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif

---



## *Persoonlik*

---

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## **Kyk na God!**

Gebeure is aan die beweeg, nou nog vinniger as ooit tevore, na die wederkoms van Jesus Christus toe. Hy sal spoedig hier op aarde wees as Koning van konings. Ons kan verheug wees! Nogtans, soos ons almal behoort te weet, sal dit verseker donkerder word net voor dagbreek.

Wanneer ons verstaan wat God se doel is in die manier waarop Hy met die nasies van hierdie wêreld handel, sal ons nie angstig of ontmoedig word nie, selfs al is daar hartseer en moedeloosheid oral om ons. Nadat Hy die verskriklike oorloë, hongersnood, pessiëktes en groot aardbewings beskryf het wat ons eindtydse geslag gaan tref, het Jesus gesê: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:28).

Ons oë moet "na bo" kyk, na God en die lewende Jesus Christus aan Sy regterhand. Ons behoort te verstaan hoe en waarom Hulle wêreldgebeure so beplan en orkestreer om God se Koninkryk op planeet Aarde tot stand te kan bring. As Christene moet ons voortdurend "toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18). Namate ons groei, sal ons meer en meer die gesindheid van Christus verkry (Filippense 2:5). Ons behoort toenemend in staat te wees om dinge vanuit die oogpunt van ons Saligmaker,

wat aan die regterhand van die Vader sit, te sien. Die mensdom beskik nou oor wapens van massavernietiging wat menslike lewe van hierdie hele planeet kan uitwis. As dit nie vir God is nie, sal hierdie wapens gebruik word. Ons behoort almal saam met Koning Dawid van Israel tot God uit te roep: "Staan op, HERE, laat die mens nie sterk word nie; laat die heidene voor u aangesig geoordeel word! o HERE, jaag hulle skrik aan; laat die heidene weet, hulle is mense! Sela" (Psalm 9:20-21).

Dit is 'n feit dat die regte "vrees" vir God – die diepgaande ontsag vir, respek teenoor en aanbidding van die groot Wese wat hemel en aarde geskape het en nou daarvoor heers – 'n groot bron van wysheid, geloof en moed is. Soos aan ons gesê word in Spreuke 9:10: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand". Soos Dawid geïnspireer was om te skryf: "So is die HERE dan 'n rotsvesting vir die verdrukke, 'n rotsvesting in tye van benoudheid. En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!" (Psalm 9:10-11). Indien ons God se "naam" werklik ken – Sy enorme liefde, wysheid, mag en genade – sal ons gemoedsvrede hê wat onverstaanbaar sal wees vir vleeslike mense van hierdie wêreld. Selfs as 'n gevangene in kettings – gedurig in gevaar om

---

geslaan of tereggestel te word – moedig die apostel Paulus aan: “Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:4-7).

### *Verbly julle?*

Selfs terwyl in kettings en bewaak deur 'n Romeinse soldaat? Ja! Omdat God heeltemal “werklik” was vir die apostel Paulus. Soos Jesus in die vlees gedoen het, en soos al God se gelowige dienaars deur die eeue heen gedoen het, het Paulus soggens en saans tot God gebid, en God se Woord en Sy wil bestudeer en daarvoor gemediteer. Hy het geestelike kommunikasie gehad met God, gewandel en gepraat met God en Hom die ware middelpunt van sy hele wese maak. Daarom het Paulus met elke jaar wat verloop het, meer en meer geleer hoe om na dinge te kyk vanuit God se oogpunt. Hy het geleer om God se wysheid en doel in te sien wanneer Hy dinge hier op aarde toelaat, en partykeer selfs orkestreer, sodat Sy algehele Plan vir die mensdom uitgewerk kan word.

Onthou, toe antieke Koning Nebukadnésar Juda binnegeval en verower het, dit geen toeval was nie. “Tyd en lotgeval”

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### **Voorblad**

#### **Persoonlik – Kyk na God!**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### **Hoofartikel**

#### **Hoe is dit**

#### **moontlik dat ek kon weet? 3**

My vriende, soos die meeste van u wat die Wêreld van Môre lankal reeds lees weet, hierdie Werk is verseker anders!

#### **Die goeie lewe in moeilike tye 8**

Dit lyk of die wêreld se ekonomie begin herstel van die finansiële ineenstorting van 2008. Produktiwiteit is hoër en die pryse van bates styg.

#### **Die geveg om Brittanje 13**

Die geveg van Frankryk is oor, die geveg van Brittanje gaan nou begin!

#### **Die groei van 'n leier 16**

Europa het oor baie eeue heen herhaaldelik onder vernietigende oorloë gely. Koninkryke en bondgenootskappe van nasies het teen mekaar geveg om oorheersing.

#### **Wie was Jesus? 20**

Selfs die meeste skeptici stem saam dat daar heel moontlik in die eerste eeu 'n man was wat in die Romeinse provinsie Judea gewoon het, wat 'n omstrede boodskap verkondig het en gedood was omdat hy dit gedoen het.

### **Gereeld**

#### **Vrae en Antwoorde 23**

#### **Profesie neem gestalte aan 24**

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## **Wêreld van Môre**

### **Hoofredakteur**

Roderick C. Meredith

### **Redaksionele Direkteur**

Richard F. Ames

### **Uitvoerende Redakteur**

William Bowmer

### **Besigheidsbestuurder**

J. Davy Crockett, III

### **Streeksredakteurs**

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### **Nuusbuuro**

June Olsen

### **Streekskantore**

#### **VSA:**

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### **AUSTRALASIË:**

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

#### **KANADA:**

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### **NIEU-SEELAND:**

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### **FILIPPYNSE EILANDE:**

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### **SUID-AFRIKA:**

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

# Hoe is dit moontlik dat ek kon weet?

Deur Roderick C. Meredith

My vriende, soos die meeste van u wat die *Wêreld van Môre* lankal reeds lees weet, hierdie Werk is verseker *anders!* Die wêreldwye Werk van nie slegs hierdie tydskrif nie, maar ook van die *Tomorrow's World* se televisieprogram, sowel as die [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) webtuiste, ons talle insiggewende boekies, ons *Wêreld van Môre- Bybelstudie-kursus* en baie ander fasette, *strek baie wyer* as wat feitlik al die ander godsdienstige werke op aarde in staat is om te vermag. Wat *bedoel* ek daarmee? **Hoe** is dit moontlik?

U as intekenaars verdien om te weet. Om dié rede gaan ek hier kortliks **vyf** sleutelvoorspellings omskryf wat ons, in hierdie Werk, gemaak het en steeds voortgaan om te maak, wat sekerlik *nie verstaan word* deur hoofstroom Christelikheid of selfs deur die meeste ander mense wat voorgee dat hulle Bybelse profesieë verstaan nie. Hierdie voorspellings is *ontsettend belangrik!* Hulle gaan 'n uitwerking hê *op u lewe*, u toekoms en die toekoms van u gesin en geliefdes. Lees dus verder!

Brittanje *sal* padgee – of uit die Europese Unie geskop word. Baie min mense verstaan dit werklik. Met die begrip wat ons in hierdie Werk van Bybelse profesieë het, het ek persoonlik hierdie toekomstige gebeure vir baie, baie jare aangedui. *Wees bedag daarop!*

Die Europese Unie *sal* reorganiseer en baie meer welvarend as China word! Weereens, baie politieke kenners is van mening dat hierdie “China se Eeu” sal word. Hulle sien dat die Europese Unie nou skynbaar uitmekaarval as gevolg van verskeie knelpunte – insluitend die finansiële krisis en die opkoms van Islam, ens. *Binne die volgende paar jaar egter sal 'n gereorganiseerde* Europese Unie – wat moontlik iets anders genoem sal word – **ontsaglik ryk word** en die hele wêreldtoneel oorheers, insluitend China!

'n Charismatiese godsdienstige leier **sal** binnekort in Europa herrys en nie net Europa nie, maar feitlik die hele wêreld beïnvloed. Dit sal “lyk” asof hierdie godsdienstige leier baie liefdevol en 'n baie toegewyde dienaar van God is. Voordat alles verby is, sal hy selfs kragtige **wonderwerke** verrig wat die hele wêreld sal skok en sal veroorsaak dat mense hul na sy omhelsing sal haas, op 'n manier wat die meeste Amerikaners nie nou kan verstaan nie. Hierdie magtige godsdienstige beweging in Europa – onder die invloed van hierdie godsdiensteier – sal u lewe

grootliks **verander**.

Europa sal voortgaan om te worstel met die dubbele aanslag van sekularisme en radikale Islamisme. In antwoord op die God-verwerpende sekulariste en die Islamisme wat poog om weg te doen met historiese Europese waardes, sal die magtige godsdiensteier – en die militêre mag onder sy beheer – 'n kragtige *teenaanval* loods teen die wêreldse en Islamitiese magte wat nou begin om Europa binne te dring en die hele voorkoms van die Europese gemeenskap te verander. Dit sal binne die volgende paar jaar gebeur. *Wees bedag daarop!*

Alhoewel **ons** in Amerika *baie lief is vir ons land*, sal die Verenigde State van Amerika **nie** hierdie keer op een of ander manier “deurploeter” nie. Ons finansiële, militêre, sedelike en geestelike verval sal voortduur. Amerika het werklikwaar hulle rug op die God van die Bybel gedraai. **Tensy** daar 'n *waaragtige nasionale bekering* is soos daar nog **nooit** voorheen was nie, sal ons geliefde nasie – met rukke en stote – voortgaan met sy afwaartse spiraal van finansiële, sedelike en uiteindelik, militêre ineenstorting.

Verskeie ander “sleutel”-gebeure kan ook genoem word. Net maar hierdie vyf gebeure van wêreldskuddende afmetings behoort genoeg te wees om my punt te staaf, aangesien hierdie dinge alleen alles rondom u sal **verander!** U persoonlike “wêreld” – u vriende, u werk en alles wat u omring – sal **nooit** weer dieselfde wees nie!

### Baie min mense verstaan!

Alhoewel baie godsdienstiges praat van die “einde van die wêreld”, doen hulle dit byna altyd so in die algemeen. Alhoewel baie predikers oor Christus se wederkoms preek, is hulle eenvoudig *nie in staat* om die *spesifieke gebeurlikhede* – soos ek dit hierbo gedoen het – te lys wat Sy wederkoms vooraf sal gaan nie. Verder het hulle gewoonlik nie 'n idee hoe lank dit sal duur voordat hierdie dinge sal plaasvind nie.

Hoe kan ek enigsins “weet” dat hierdie werklik **ontsaglike gebeure** binnekort sal plaasvind – binne die leeftyd van die meeste van u wat hierdie artikel lees?

Die *antwoord* behels *dít* wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif en die *Tomorrow's World* se televisieprogram baie “anders” maak as ander organisasies! Alhoewel baie kerke en godsdienstige leiers oor stukkie en brokkies van die Bybelse waarheid beskik, kan hulle nie – en *durf* inderdaad ook *nie* – hierdie besondere voorspellings maak soos ek dit so pas gedoen het nie, omdat

hulle definitief *nie verstaan* nie.

### Waarom nie?

Omdat God se geïnspireerde Woord herhaaldelik aan ons sê dat die *oorgrote meerderheid* van die mensdom verblind is vir die ware God en Sy Waarheid. Selfs die meeste belydende Christene is eintlik *deel van hierdie wêreld* en sal **mislei** wees deur Satan die duiwel. Onthou u hierdie grondliggende Skrifgedeeltes wat ons herhaaldelik aan u voorgehou het?

### Openbaring 12:9

beskryf die magtige geestelike wese “wat genoem word duiwel en Satan, wat die **hele wêreld verlei** [mislei]”. *Glo* u hierdie geïnspireerde Skrifgedeelte?

### 2 Korinthiërs 4:3-4:

“Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie”. Hier vertel die apostel Paulus duidelik aan ons dat Satan “die god van hierdie wêreld”, die meeste mense **verblind** het.

**Efesiërs 2:2:** Die geïnspireerde apostel Paulus beskryf Satan die duiwel hier as die “**owerste** van die mag van die lug, van die gees wat **nou** in die kinders van die ongehoorsaamheid **werk**”, *want Satan is besig!* Hy is eintlik “in beheer” van hierdie wêreld – die

samelewing, die politiek en regerings, die media en die onderwysstelsels. Hy gebruik hierdie middele en meer om die **oorgrote meerderheid** mense *heeltemal te mislei*, soos Openbaring 12:9 dit so duidelik stel.

### Mattheüs 7:21-23:

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” of “die wet van God oortree”, soos die Nuwe Vertaling dit stel!

### Kennis en Gehoorsaamheid

*Jesus Christus Self* sê dat “baie” oënskynlik godsdienstige mense wat dink dat hulle “die Here ken”, daarop sal aanspraak maak dat hulle Jesus gedien het. Hy help hulle reg deur te sê: “Ek het julle **nooit** geken nie. Gaan weg van My, *julle* wat die **ongeregtheid werk!**” of “**die wet van God oortree!**” Dit is duidelik dat hierdie mense dink dat hulle Jesus “liefhet”. Hulle mag oor Hom praat en *beweer dat hulle Hom volg*, maar hulle doen **nie** wat Hy sê nie. Hulle is nie gewillig om Sy voorbeeld te volg en letterlik God se Tien Gebooe



te **gehoorsaam** en die *lewensweg* te volg wat Christus uitgebeeld het dwarsdeur Sy hele bediening nie. Jesus was immers die volmaakte voorbeeld. Jesus Christus **het** God se gebooie gehoorsaam. Hy het gesê: “As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader **bewaar** en in sy liefde bly” (Johannes 15:10). Sy geïnspireerde Woord sê ook aan ons: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Dus, deur *Christus wat in ons leef deur die werking* van die Heilige Gees, is ware Christene in staat om die Tien Gebooie as 'n *lewenswyse* te onderhou!

**Waarom** dink mense dat hulle “God ken” en Sy seëninge verwag as hulle eenvoudig *weier* om Sy wonderlike geestelike wet wat Hy gegee en wat Jesus herhaaldelik verduidelik en uitgebrei het gedurende Sy hele bediening, te gehoorsaam?

Omdat hulle geestelik “verblind” is, lyk dit of die meeste mense onbewus is van die letterlik dosyne stellings in die Nuwe Testament, soos in Openbaring 14:12: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; *hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar*”. Soos u kan sien, gee hierdie vers aan ons **God se beskrywing** van ware heiliges, nie Katolieke helde wat as afgode aanbid word nie, nog minder Protestante wat eenvoudig “die Here liefhet” nie. Dit beskryf liever daardie *opregte* heiliges wat gewillig is om hul Skepper te **gehoorsaam** en hulle te onderwerp sodat

Christus *Sy lewe in hulle kan leef* deur die werking van die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Dit lyk asof verblinde kerkgangers nie in staat is om te verstaan waarom die geïnspireerde apostel Johannes se beskrywing van wat *ware* Christelike “liefde” is, gaan, of hoe om dit toe te pas nie: “Want dit **is** die liefde tot God, dat ons **sy gebooie bewaar**; en sy gebooie is **nie** swaar nie” (1 Johannes 5:3).

Dus, in “daardie dag” wanneer Christus terugkeer as Koning van die konings (Openbaring 11:15), sal Hy daardie godsdienstige mense wat eenvoudig nie God se *Wette wil gehoorsaam* nie, **verwerp!** Aangesien hulle hulself eenvoudig nie *onderwerp* om God toe te laat om in hulle Sy *ware karakter* te bou nie – die karakter wat hulle sal nodig hê om die konings en priesters te wees wat Christus en die Vader nou besig is om voor te berei om Christus by te staan om in die Wêreld van Môre oor *hierdie aarde* te kan **heers** (Openbaring 2:26-27, 5:9-10).

God se geïnspireerde Woord sê verder aan ons: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit **beoefen**, het 'n *goeie verstand*. Sy lof bestaan tot in ewigheid” (Psalm 111:10). Dus, alhoewel baie mense *dink* dat hulle die toekoms verstaan en *aanneem* dat hulle die geïnspireerde profesieë van die Bybel verstaan, word slegs aan diegene wat werklik God se Gebooie **gehoorsaam**, ware begrip verleen. Onthou asseblief, Adam en Eva het van

“die boom van die kennis van goed **en** kwaad” geneem (Genesis 2:9). Sedert daardie tyd het die mensdom voortdurend van hierdie selfde boom geëet – 'n “mengsel” van waarheid en **dwaling!** Die godsdienste van hierdie wêreld het van hierdie selfde boom geëet. Dus het selfs die belydende “Christelike” godsdienste van hierdie wêreld 'n *mengsel* van goed **en** kwaad. Hulle het letterlik *dosyne* leerstellings en gebruike *direk uit die heidendom* oorgeneem – soos ons talle kere geboekstaaf het. Hulle het heeltemal die pertinente opdragte in die Nuwe Testament **verwerp om al tien** van God se Tien Gebooie te *onderhou* – nie slegs party “nuwe gebooie” wat deur Jesus gegee sou wees nie. Nou, namate die basiese sedelikheid van ons Westerse nasies voor ons eie oë verkrummel, wonder miljoene mense: “Wat gaan aan?”

Ons moet natuurlik onthou dat God die meeste van hierdie mense **verblind** het – soos Sy Woord dit duidelik stel. Ons wat verstaan behoort dus *alle simpatie* en volle *uitgaande besorgdheid* te hê vir hierdie verblinde mense, totdat God hulle in Sy tyd roep! Intussen moet almal van u wie se oë *wel* geopen is, *nie mislei* word deur hierdie “mengsel” van goed en kwaad en hierdie mengsel van “veralgemeende” profetiese verklaringe wat uitgereik word deur onderskeie godsdienstige leiers wat eenvoudig net *nie in staat* is om die spesifieke eindtydse profesieë wat ons duidelik in ons beeldsendings en

in hierdie tydskrif aan u verduidelik, te verstaan of te begryp nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om *u te help* om die Waarheid te **verstaan!** Dit is dus slegs in daardie lig dat ek hierdie stellings maak.

### 'n “Klein kuddetjie” beskerm

Iewers op hierdie aarde het die Ewige God 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) – Sy Kerk. Twaalf keer in die Nuwe Testament toon God se geïnspireerde Woord dat Sy Kerk *volgens Sy Naam genoem* word. Soos ons gesien het, het God herhaaldelik Sy getroue mense beveel om Sy **Gebooie te onderhou**. In Openbaring 12:6 beskryf God die ware Kerk – uitgebeeld deur 'n “vrou” – wat “na die woestyn” moes vlug. In die verlede het dit gedurende die vroeëre jare van die Middeleeue gebeur, toe God se Kerk vir 1,260 profetiese “dae” – wat 1,260 letterlike jare beteken – tot buite die grense van die Romeinse Ryk moes vlug. Daar lê nog 'n vlug voor vir God se mense; vers 7 beskryf 'n geweldige groot oorlog wat in die hemel sal uitbreek wanneer Satan en sy demone teen die eindtyd, een laaste aanslag sal maak op God se troon – maar hulle *sal nie slaag* nie. Aan God se mense word vertel dat, nadat Satan neergewerp is, daar vir hulle “weë” voor die deur lê, “want die duiwel het na julle neergedaal met **groot woede**, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:12, laaste deel). God laat in verse 13-14, aangaande die ware Kerk,

opteken: “... maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd” [drie-en-'n-halwe jaar].

Die Ewige God sal 'n plek voorsien – *iewers op hierdie aarde* – waar Hy Sy heel getrouste volgelinge bonatuurlik sal beskerm gedurende hierdie tyd van “groot woede” nadat Satan neergewerp is, 'n tyd wat Jesus die “Groot Verdrukking” noem. Die “vrou” van wie regdeur Openbaring 12 gepraat word, is geïdentifiseer as die Kerk – insluitende diegene teen die heel einde van hierdie tydperk “wat die **gebooie van God bewaar** en die getuïenis van Jesus Christus hou” (vers 17).

In Openbaring 3:7-13 beskryf God die sesde era van Sy Kerk – die heel getrouste van alle eras – wat *kort voor* Christus se wederkoms aangetref sal word. Hy sê aan hulle in vers 10: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel”. Dit is God se belofte om Sy mense te beskerm gedurende die toekomstige “uur van beproewing” wat nie baie jare van nou af sal begin nie. Dit sal oor die inwoners van die hele “aarde” kom – soos hierdie vers bevestig – dus is dit baie belangrik dat ons deel moet wees van God se *ware getroue volgelinge indien* ons heelhartig begeer om te ontvlug en indien

ons werklik in God se Koninkryk wil wees in die eerste opstanding, wat God die “beter opstanding” noem (Hebreërs 11:35).

Geliefde vriende en intekenaars, ek het kortliks aan u vyf “sleutel”-gebeure geskets wat binnekort **miljarde** mense sal raak. Hierdie gebeure sal *u lewe verseker verander* – en sal direk in die Groot Verdrukking in lei. Namate profetiese gebeure versnel voel ek verantwoordelik om u by geleentheid te waarsku sodat u kan begin verstaan – **indien** u gewillig is. Dus, *indien* u meer wil leer en wil **handel** volgens die waarheid, maak seker dat u ons belangrikste boekies *wat hierdie dinge in besonderhede verduidelik*, aanvra – en dit opreg *bestudeer*. Selfs nog belangriker as dit, *bestudeer* en **bewys** hierdie waarhede uit *u eie Bybel*. Hulle is nie gebaseer op een of ander geheime teorie nie. Hulle is nie gebaseer op een of ander boek wat deur 'n mens geskryf is nie, of 'n “visioen” wat ek of iemand anders glo in hierdie moderne tye gehad het nie. Hulle is gebaseer op die *geïnspireerde Woord* van God.

Ons leesstof sal altyd heeltemal gratis aan u gestuur word! Ons is hier om te *gee*, te *dien* en om u te *help* verstaan wat binnekort gaan gebeur asook om u te help voorberei vir die werklike Wêreldregering wat binnekort onder Jesus Christus op hierdie aarde gevestig sal word. Dit is *nodig* dat u verstaan en voorberei vir *u deel* in die wonderlike Koninkryk wat ware vrede, voorspoed en **vreugde** na 'n baie verwarde wêreld sal

bring.

Maak seker dat u ons *dadelik* skakel of aan ons skryf – *voor u vergeet!* Vra vir 'n gratis kopie van ons baie insiggewende boekie: *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*. Vra ook vir u kopie van ons kragtige boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika? Indien* u graag wil weet hoe die wêreld se godsdienste die spoor byster geraak het – en watter

Bybelse en historiese **bewyse** ons stellings onderskraag – bestel ons belangrike boekies: *Hervestig die CHRISTENSKAP van die APOSTELS* asook *Satan se vervalste Christendom*.

My vriende, die tyd raak min. Alhoewel daar nog *verskeie* jare mag wees waarin ons kan studeer, bid, *oorwin* en hierdie waarhede vir onself kan **bewys**, kan elkeen van ons enige oomblik sterf – of dit nou

die gevolg is van 'n ongeluk, siekte of iets anders. Moet dus nie uitstel nie! Ek smek u in die naam van Jesus Christus, as Sy dienaar, **om nou te handel!** Moet asseblief nie “ons woord neem” vir enigiets nie! Maak seker dat u u Bybel werklik **bestudeer** – en *bestudeer* ons insiggewende boekies – dan sal u in staat wees om duidelik uit *u eie Bybel* te bewys wat u Skepper *nou*, aan u sê deur Sy eindtydse dienaars! **WVW**

## Politiek of profesie?

Deur William Bowmer

Die Werk agter *Die Wêreld van Môre* het vir dekades duidelik die Bybelse scenario van eindtydse profesie verkondig. Omdat ons verstaan dat Amerika, Groot Brittanje en die nasies van noordwestelike Europa die afstammeling is van die “Verlore Tien Stamme” van antieke Israel, kon ons die profetiese neigings wat vandag ontwikkel, op 'n wyse begryp wat geen ander waarnemers kan nie. Ons verstaan dat Duitsland – die moderne Europese nasie wat afstam van antieke Assirië – 'n deurslaggewende rol sal speel in eindtydse profetiese verwickelinge, en dat die moderne volk van Juda in die moderne nasie, Israel, in die middel sal wees van die vervulling van antieke profesieë.

Hoe is dit moontlik dat ons dit alles kan weet? Ons weet omdat ons vertrou op die woorde van die Bybel en nie in verbygaande politieke grille en giere wat agterlosige lesers van die Bybel deur die eeue verwar het nie.

Vir meer as vier dekades na die Tweede Wêreldoorlog het die bedreiging van wêreldwye kommunisme – die “Koue Oorlog”, botsings tussen Amerika en die Sowjet Unie en hul onderskeie bondgenote en satellietstate – die wêreld se politiek oorheers. Ongelukkig het dit ook die profetiese leringe van baie selfgemaakte predikante oorheers.

Wie is die “Dier” van Openbaring? Gewilde teorieë het vinger gewys na Amerikaanse Presidente, pouse, of selfs gewilde vermaaklikheidssterre. Die Bybel verduidelik egter in eenvoudige taal dat hierdie Dier 'n herlewing sal wees van die Romeinse Ryk, onder heerskappy van 'n magtige valse godsdienststelsel.

Protestantse predikante verkondig gewoonlik

dat die Rooms-Katolieke Kerk of die leier daarvan, die “Antichris” of die “Valse Profeet” van Openbaring is. Nogtans, so skokkend as wat dit mag wees, gaan ontelbare Protestantse leermeesters voort en bevorder baie van dieselfde valse leerstellings van daardie selfde “Antichris” wat hulle voorgee om teen te protesteer!

In teenstelling daarmee, sien hierdie Werk homself as die “klein kuddetjie” van wie Christus gepraat het (Lukas 12:32). Die leerstellings daarvan is nie dié van 'n groot valse kerk wat voorgee om “Christelik” te wees nie. Nog minder is die boodskap daarvan 'n “hervorming” of “protes” teen daardie leerstellings. Ons verkondig eerder die duidelike woorde van Jesus Christus en die Apostels.

Christus het Sy volgelinge geleer om te leef volgens “elke woord van God” (Lukas 4:4). Deel van daardie woorde is die woorde van die Ou-Testamentiese profete wat Assirië identifiseer as God se werktuig om eindtydse Israel te straf omdat hulle Sy weë verwerp.

Deesdae kan u “godsdienstige” tydskrifte vind wat hul “profetiese” begrip verkry uit *Stratfor Verslae* of uit *The Huffington Post*. Solank as wat hul politieke ontleding betroubaar voorkom, mag dit lyk of hulle korrekte profetiese leringe aanbied. Deur staat te maak op politieke ontledings eerder as op die Bybel, sal hulle egter sonder uitsondering teen die einde faal.

*Die Wêreld van Môre* is egter anders. Ons kyk na die geopolitiek deur die lens van Bybelse profesieë en nie andersom nie, wat 'n rareitheid vandag is. **WVW**

# Die goeie lewe in moeilike tye

Deur Rod McNair

Dit lyk of die wêreld se ekonomie begin herstel van die finansiële ineenstorting van 2008. Produktiwiteit is hoër en die pryse van bates styg. Besigheidsbeleggings en verbruikerspandering neem toe. Die nasionale Bruto Binnelandse Produk van sekere lande is besig om te groei teen 'n vuurwarm tempo – China sin staan op dubbele syfers, met Indië en Brazilië nie ver agter nie. Die Internasionale Monetêre Fonds voorspel nou dat wêreldwye produksie hierdie jaar met 4.2% sal toeneem (“*Curb your enthusiasm*”, *Economist*, 24 April 2010, bl.12).

Hoewel dit bemoedigend is, vertel hierdie syfers nogtans nie die hele storie nie. Sekere regerings wankel nog onder geweldige hoë buitelandse skuld. Griekeland is 'n goeie voorbeeld hiervan, en ander nasies soos Italië, Ierland en Portugal is ook netso kwesbaar. Tog, as gevolg van hulle eie geweldige groot borgskap-programme, staan Amerika en Brittanje nou ook 'n onsekere toekoms in die gesig. “Rolspelers wêreldwyd ... het eintlik met hul respektiewe ekonomiese lotsbestemmings gedobbel. Hulle is óf besig met openbare besteding teen vlakke wat baie hoër is as hulle vermoë om belasting te in, óf is besig om toksiese privaat skuld te

absorbeer ... **Ons analise lei tot die gevolgtrekking dat owerhede regdeur die wêreld, maar in besonder Amerika en Brittanje, hierdie dubbelspel gaan verloor**” (*Global Economic Forecast 2010-2015: Recession into Depression*, Sheldon Fliger, bl. 3, 2009).

Die “Groot Resessie” wat in 2008 begin het, is nie net besig om regerings se begrotings te laat misluk nie, maar kos ook tiene van miljoene verlore werksgeleenthede reg oor die wêreld – 20 miljoen slegs in China. Werkloosheid dobber steeds in die omgewing van 10% in Amerika en die gemiddelde tydperk van mense se werkloosheid is die langste sedert die Tweede Wêreldoorlog (*Freefall: America, Free Markets, and the Sinking of the World Economy*, Joseph Stiglitz, bl. xi, 313, 2010).

Waar gaan dit alles eindig? Dreig daar miskien nog 'n groter ineenstorting? Sal selfs “eerste-wêreld” nasies gedoem wees om vir baie jare uiters streng maatreëls ter besnoeiing te moet verduur? Is “die goeie lewe” wat baie mense vir dekades geken het, bestem om slegs 'n herinnering van die verlede te wees?

## 'n Eeu van Seëninge

Vir die grootste deel van die 20ste eeu was Amerika die hoofaandrywing van die wêreld se ekonomiese groei. Meer as 'n honderd jaar gelede het die koerant, *Washington Evening Star*, berig: “Op hierdie dag van ons Here, 1 Januarie 1907, is ons die rykste mense in die wêreld”. Gedurende die twee administrasies van die Amerikaanse President Theodore Roosevelt, het die nasionale rykdom “toegeneem teen 'n koers van \$4.6 miljard per jaar, \$127.3 miljoen per dag, \$5.5 miljoen per uur, \$88,430 per minuut en \$1,474 per sekonde” (aangehaal uit *The Rise of Theodore Roosevelt*, Edmund Morris, bl. 11, 1979). Amerika was sekerlik geseënd – vir dekade na dekade.

Die meeste Amerikaners het egter nie geweet waar hulle seëninge vandaan gekom het nie. Party van hulle het aangeneem dat die stortvloed van seëninge die onvermydelike gevolg was van eie vernuftigheid, harde werk of tegnologiese kundigheid. Niks kon egter verder van die waarheid af wees nie! *Die seëninge wat Amerika ervaar het was die direkte gevolg van God se voorsienende hand*. Gereelde lesers van *Die Wêreld van Môre* besef dat die Bybelse patriarg Josef die voorvader was van die Verenigde State en



nasies van Britse afkoms. Sy naam beteken, heel toepaslik, "Die Ewige God het bygevoeg", want vir sy nageslag was voorspel: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur" (Genesis 49:22). God het sekerlik seëning op seëning bygevoeg vir die seuns van Josef deur Efraim (die Britse Gemenebes lande) en Manasse (Amerika). Om meer te leer aangaande die moderne nasies van Israel – wat nie net die volk van Juda in vandag se staat van Israel insluit nie, maar ook baie van die volke van Noordwestelike Europa – vra asseblief vir u kopie van ons gratis boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Die seëninge van die patriarge Abraham, Isak en Jakob – in besonder deur die geboortereg wat aan Josef gegee is – het die hele wêreld bevoordeel, soos God voorspel het (Genesis 18:18, 22:18, 26:4). Onbeteuelde hebsug en inhaligheid mag egter nog Amerika se grootste swakheid en ondergang beteken. Soos God dit beklag, Josef "... het nie erken dat Ek aan haar die koring en die mos en die olie gegee het nie, ook silwer vir haar vermenigvuldig het en goud, wat hulle vir Baäl gebruik het" (Hosea 2:7). In plaas van om God te bedank vir die oorvloed wat Hy voorsien het, het ons dit al te dikwels verspil met aanbidding van die valse god van die verbruikerswese en meer as ooit op die self

gekonsentreer.

Die oorsprong van die 2008 finansiële ramp kan gevind word in die roekelose kapitale oplewing van die 1990s. Daardie tyd het die lone in Amerika naastenby konstant gebly. Baie Amerikaners het moed verloor aangaande hulle finansiële toekoms. Soos verslaggewer Bernd Debusmann opgemerk het: "Deur die grootste deel van die Amerikaanse geskiedenis, was elke geslag meer welvarend en het beter gelewe as hul ouers. Statistieke bewys dat dit nie langer die geval is nie" (*"American dream or nightmare? This season, many wonder"*, Reuters, 20 Desember 1990).

*Die huismark het toe egter 'n geweldige oplewing getoon.* Die waarde van huise het oënskynlik in baie van die land se streke oornag begin klim. Miljoene Amerikaners het voor die versoeking geswig om geld te leen teen die waarneembare waarde van hul huise, om te kompenseer vir die verlies aan groei van hulle salaristjek, sodat hulle kon voortgaan met hul spandabelrigheid (*Freefall*, bl. 1-2). Daar was egter waarskuwings vir diegene met ore om te hoor. Lees net die opening van hierdie 27 Julie 1999 artikel deur verslaggewer James Schembar: "Die regering se aankondiging verlede maand dat die spaarkoers die laagste was sedert die Depressie, het baie onrus veroorsaak. Op stuk van sake, hoe kan Amerikaners in 'n tyd van soveel oorvloed nie van hulle surplus wegsit om te

voorsien vir moeiliker tye nie?" (*"Americans spend more than they earn"*, New York Times News Service). Gedurende 'n tyd van oorvloed was die netto spaarkoers **nul** – of **minder**. Gedurende die 1990s, het die onttrekking uit huisverbande \$975 miljard bedra – meer as 7% van die totale BBP vir daardie jaar.

Die algemene reaksie op hierdie knaende besorgdheid oor die gebrek aan spaarsin was: "*Moet nog nie daaroor bekommerd wees nie*". Na alles was spaarkoerse nie belangrik terwyl kapitaalwinste groei nie. Schembar het egter op 'n onheilspellende noot geëindig: "*Die kapitale groei wat die ouer reklamemakers gehelp het om op te maak vir die lae spaarkoers, kan natuurlik ons klatergoud wees. Wie kan voorspel hoe die markte gaan wees teen die tyd dat ons aftree?*"

## Klattergoud

Gedurende die laaste paar geslagte was mense mislei om te dink dat geld en besittings blywende vervulling en geluk meebring. Vir heeltemal te lank was die Westerse samelewing behep met meer van alles – meer motors, meer klere, groter huise, beter televisies – die lys gaan aan en aan. Verbruikers reg oor die wêreld was vasgevang in die slagyster van glo dat 'n "oorvloedige lewe" gekoop kan word. Jesus het ons egter gewaarsku: "Pas op en wees op julle hoede vir die

hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15).

Wat van u? Het die Groot Resessie u en u gesin ook hard geslaan? Sukkel u ook finansieel? U mag te doen hê met depressie en terneergedruktheid. U mag selfs genoodsaak wees om 'n paar moeilike keuses te maak om u huishouding aan die gang te hou. God weet wat u verduur en sal u help as u uself na Hom wend met ware, opregte bekering. Hy sal u help as u ernstig na Hom roep en Hom met u hele hart gehoorsaam (Hebreërs 11:6).

Die somber waarheid is dat die meeste mense **nie** die koers wat hulle ingeslaan het, **sal** verander nie. Ons geslag stuur af op baie onstabiele tye as gevolg van ons persoonlike en nasionale sondes. God se Woord openbaar dat namate Christus se wederkoms nader kom, wêreldwye krisis sal vermeerder totdat geld waardeloos sal wees en lewensmiddele soos kos en water onbetaalbaar duur sal wees. Selfs goud en silwer sal mense nie aan die lewe kan hou in tye van wydverspreide hongersnood nie. Die profeet Esegïel waarsku: “Hul silwer sal hulle op die strate gooi, en hulle goud sal 'n voorwerp van afsku wees; hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die HERE nie; hul siel sal hulle *daarmee* nie versadig of hul ingewande *daarmee* vul nie, want dit was die struikelblok tot hulle

ongeregtigheid” (Esegïel 7:19).

Ons geslag het God se Wette verwerp en verag (Levitikus 26:15), en ons sal daarvoor gestraf word. God het lank gelede al voorspel dat ons rampspoed op rampspoed sal beleef as gevolg van Israel se gruweldade aan die einde van die tyd. Mislukte oeste (verse 16, 20) en voedselskaarste (vers 26) sal selfs lei tot afskuwelike karnibalisme, namate oorlewendes in verlate stede sal worstel om te oorleef (verse 29-31). Dit sal uiteindelik lei tot nasionale ballingskap deur 'n buitelandse moondheid (verse 32-33). Die ondenkbare sal gebeur! Amerika, Groot Brittanje en ander nasies van eindtydse Israel sal sink, soos die “onsinkbare” Titanic. Waar laat dit ons dan? Moet u en u gesin “saam met die skip ondergaan” in die straf wat voorlê vir die moderne afstammeling van antieke Israel? Is daar 'n manier om hierdie ramp vry te spring?

### Die son verrys ook

Mense wat *Die Wêreld van Môre* lank reeds lees, weet daar kom goeie nuus in die toekoms. Nie van enige politieke beweging of party, 'n nuwe ekonomiese model of 'n regeringsalliansie nie, maar deur die ingryping van die Almagtige God! Ná Christus se dramatiese wederkoms na die aarde, sal Hy 'n nuwe samelewing vestig. Daar sal ekonomiese geleenthede wees vir almal, soos die profeet Miga voorspel het: “Maar hulle sal sit

elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaie het dit gespreek” (Miga 4:4). Seëninge sal soos reën uitgegiet word oor nasies regoor die aarde, “want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9). Soos Amos 9:13 voorspel: “Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorfloei sal wees”.

Burgers van die toekomstige nuwe tydperk – 'n duisendjarige tydperk wat ons die “Duisendjarige Vrederyk” of die “Millennium” noem (Openbaring 20:4) – sal leef en werk in 'n nuwe samelewing wat gegrond sal wees op regverdigheid, goeie etiek, eerlikheid, liefde teenoor naaste en aanbidding van die ware God. Jesus Christus, as die heersende Koning, sal almal Sy “wet van vryheid” (Jakobus 1:25, 2:12), die Tien Gebooie, leer. Bygestaan deur Sy heiliges, sal Hy hierdie wette afdwing en oor die hele aarde regeer (Judas 14-15). Dit sal 'n algehele omwenteling in die wêreld teweegbring, en veroorsaak dat die ekonomie so floreer soos wat die mensdom nog nooit gesien het nie!

Daar is selfs nou al goeie nuus! U hoef nie te ly onder die plaë van God se komende strawwe nie – die “tyd van

benoudheid vir Jakob” (Jeremia 30:7). U hoef nie “na die slagbank [te] wankel” (Spreuke 24:11), soos die ander wat dwaas God se waarskuwings verwerp nie. U kan voorberei en gereed wees vir meer moeilike tye wat voorlê. Glo dit as u wil, maar u **kan** nou 'n “goeie lewe” hê.

*Hoe?*

### Wat van nou?

Wat **is** die “goeie lewe” werklik? God belooft nie dat u 'n stewige bankrekening sal hê of nooit probleme sal ervaar nie. Paulus het geskryf: “En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word” (2 Timotheüs 3:12). Die lewe van 'n ware volgelinge van Christus is nie maklik nie. Die Skrif toon egter hoe u **nou** gelukkig en vervuld kan wees. U kan 'n vervullende, getroue en genotvolle huwelik hê. U kan 'n gelukkige, verrykende gesinslewe hê. U kan selfs 'n genotvolle, bevredigende werk hê. Hoe?

Die sleutel is om te besef dat die “goeie lewe” nie gemeet word aan hoeveel motors ons het, hoeveel televisiekanale tot ons beskikking is, of hoeveel vierkante meter ons huis beslaan nie. Dit word nie gemeet aan vinnige toegang tot die Internet of spoggerige selfone nie. Dit is nie gebaseer op kredietkaarte of bankrekenings nie. Dit kom eerder van 'n noue, persoonlike en gehoorsame verhouding met God. Jesus Christus wil graag hê dat u nou 'n

oovloedige lewe moet hê! Hy sê: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. *Ek het gekom, dat hulle lewe en oovloed kan hê*” (Johannes 10:10). Het u 'n verhouding met Jesus Christus wat verder strek as blote woorde en emosionele sentiment? Het u uself onderwerp om Hom heelhartig gehoorsaam te wees? Het u u bekeer van u sondes en besluit om u lewe aan God te wy? Die goeie lewe is moontlik – en hierdie keuses is waar dit begin.

### Gerusstellende sekerheid in chaotiese tye

God wil hê dat u Hom moet “beproof” – om in u hart en denke vas te stel of Hy en Sy beloftes 'n werklikheid is. Hy wil hê dat u van die mallemeule van spandabelrigheid moet afklim. Hy beveel u selfs om aan Hom tiendes te betaal. Belowe Hy om u 'n multimiljoenêr te maak? Nee, maar Hy belowe **wel** om in al u behoeftes te voorsien. Wat 'n wonderlike belofte!

Kyk na God se uitdaging: “Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en **beproof My tog** hierin, sê die HERE van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oovloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskaar” (Maleagi 3:10-11).

Ons by *Die Wêreld van Môre* daag u uit om God te beproef en te toets deur Sy Wette getrou te gehoorsaam. Hy wil hê dat u die sewende-dag Sabbat moet onderhou, Sy jaarlikse Heilige Dae moet vier, getrou aan u eggenoot in die huwelik moet wees, afgodediens moet verwerp en altyd die waarheid moet praat. God se manier is 'n totale lewenswyse (Handelinge 22:4)! U sal ook geseënd wees as u dit doen. Soos Dawid geskryf het: “Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdigte verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie” (Psalm 37:25).

Elkeen van ons behoort natuurlik wyslik te beplan, iets weg te sit vir moeilike tye, en so getrou en vlytig te werk as wat ons kan. Ons moet versigtig wees en goeie finansiële raad inwin van mense wat ons kan vertrou. In die laaste instansie moet ons egter nooit ons allerlaaste vertrou in mense stel nie – nie in onself of ander mense om ons nie. Ons moet liever op God vertrou, want slegs Hy kan ons verlos van die donker dae wat kom. Soos Jeremia geskryf het: “Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie” (Jeremia 17:7-8).

Jesus Christus daag ons uit: "... maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie" (Mattheüs 6:20) – of, mag ons byvoeg, waar die onsekerhede van die finansiële mark die bates soos mis voor die son kan laat verdwyn. God wil aan ons 'n oorvloedige lewe skenk as ons na Hom sal opsien met vertroue en oortuiging. Nou – van alle tye – is die tyd om ons vertroue te stel in die Een wat alle goeie dinge aan die hele mensdom voorsien (Jakobus 1:17). Is u gewillig om God te toets en te beproef? Is u gewillig om vas te stel of wat Hy sê waar is, en wat Hy beveel werklik die

beste is vir u en u huisgesin?

Die goeie nuus is dat u die ware goeie lewe kan hê, selfs in moeilike tye. U kan finansiële sekerheid, gemoedsvrede, 'n gevoel van doelgerigtheid en vervulling hê, selfs in onstuimige, chaotiese tye. U kan u vertroue in God stel en die kalm versekering hê dat Hy vir u sal sorg. Soos God gesê het deur die profeet Jesaja: "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder gelden sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat

julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid" (Jesaja 55:1-3).

Daar is moeilike tye aan die kom. *Bybelse profesieë toon dat ons slegs maar aan die begin daarvan is.* Nou is die tyd om u finansiële huis in orde te kry en te besluit wat u werklik graag wil hê. Geld? Besittings? 'n Eindelose kringloop van aanskaf en verbruik? Of wil u toelaat dat die Groot Resessie u op u knieë dwing om 'n nuwe en innige verhouding met u Skepper te smee? Waarlikwaar, *dit is die goeie lewe!* **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 19 – Die groei van 'n leier

4:1-11). Wanneer ons die Bybel betrag in hierdie konteks, is dit maklik om te sien waarom God se Woord vandag nog net so van toepassing is as lank gelede. 'n Persoon wat tydens enige tydstip leef, kan hierdeur ingelig word. God se plan is standhoudend, onveranderlik en belangrik vir enige persoon regdeur die geskiedenis.

'n Groot deel van Bybelse profesieë handel oor dinge wat sal plaasvind teen die einde van ons huidige 6,000-jarige tydperk van die geskiedenis en die begin van die laaste dag van die profetiese "week" – die duisendjarige Vrederyk van Jesus Christus as Koning van die konings, op planeet Aarde. Voordat Christus as

oppermagtige, welwillende Heerser op Sy troon op hierdie aarde sal sit, sal Hy teengestaan word deur menslike regerings – insluitende daardie van 'n groot Europese supermoondheid wat teen die einde van ons huidige tydperk sal verrys. Hierdie supermoondheid sal bestaan uit tien konings of regerings onder die invloed van 'n magtige godsdienstige entiteit.

*Die Wêreld van Môre* verduidelik al lank reeds dat die Duitse volk in profesie geïdentifiseer word as Assirië. Alhoewel hierdie merkwaardige mense in die Tweede Wêreldoorlog deur die Geallieerde magte verpletter is, het hulle weer verrys tot mag en belangrikheid in Europa. Hou

Duitsland dop om die voortou te neem in handelsoorheersing, finansies, ekonomiese mag, politieke spiere en herleefde militêre krag in 'n federale Europese Unie.

Deur die profeet Jesaja het God gesê: "Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie. Want hy sê: Is my vorste nie almal

**Vervolg op bladsy 26**



# Londen Roep

## Die geveg om Brittanje

Deur Rod King

“Die Geveg van Frankryk is oor, die Geveg van Brittanje gaan nou begin!”

Die Britse Eersteminister, Sir Winston Churchill, het hierdie beroemde aankondiging gemaak op 18 Junie 1940, slegs vier dae nadat Adolf Hitler se Nazi-troepe Parys binnegegaan het. Binne 'n maand sou die heldemoed van honderde vlieëniers van die Koninklike Lugmag se Spitfires en Hurricanes getoets word, telkens wanneer hulle van die Engelse vliegvelde opgestyg het, die swermende massas Luftwaffe vliegvlugte tegemoet. Verliese aan beide kante was skokkend hoog, met 'n beraamde 915 Koninklike Lugmag vliegvlugte wat verlore geraak het en 1733 vliegvlugte van die Luftwaffe wat afgeskiet is tussen 10 Julie en 31 Oktober.

Een besondere week – die week wat op 17 Augustus geëindig het – was vir albei kante die heel ramspoedigste. In daardie week alleen is 131 Koninklike Lugmag vliegvlugte afgeskiet en Duitsland het omtrent twee keer soveel, in totaal 261, verloor. Nadat daardie konflik verby was, het Churchill aan die Britse Laerhuis gesê: **“Nog nooit op die gebied van menslike konflik, was soveel verskuldig deur so baie aan so min nie”**.

Gedurende daardie somer

van 1940 het bekommerde Britte in die lug opgekyk en die kruisen-dwars dampstrepe in die lug gesien. Skoolseuns het gehardloop om na die wrakstukke van die Duitse vliegtuie wat afgeskiet is, in die uitgestrekte graanlande te gaan kyk. Jong soldate se weduwees – Britse sowel as Duitse – het eensaam trane gestort nadat hulle gehoor het dat hul vlieënier-mansdood is.

Oorlog is 'n afgryslieke gedoente. Was hierdie verskriklike lewensverlies die moeite werd? Waar staan Brittanje en Duitsland nou, 70 jaar later? Die Verdrag van Lisbon het nou hierdie twee voormalige vyande saamgebind in die Europese Unie.

Vir die kleinkinders van diegene wat die Geveg van Brittanje oorleef het, is Europa 'n totaal ander plek. Hulle nasies het vir 65 jaar vrede geken en hul bevolkings het geen begeerte om weer 'n wêreldoorlog te sien wat hul nasies verskeur nie. Waarom was daar dan so 'n kalmte in Europa?

Ondersteuners van die Europese Unie (EU) sal aan u sê dit is omdat ekonomiese harmonie kon vermag wat nóg die oorlog, nóg Amerika se oorlogse NATO-leierskap teweeg kon bring – vrede en gedeelde belange binne 'n unie van 27 lande. Skeptici sal aan u

sê dat dit 'n brose ontladingspolitiek is, wat vir die oomblik saamgesnoer is deur gemeenskaplike selfbelang.

### Brittanje raak sy pad byster

In die laaste 18 maande het Brittanje groot onsekerheid ervaar, namate dit gesukkel het om te herstel van die ergste resessie sedert die Groot Depressie. Die regerende Arbeidersparty se pogings ter ondersteuning van welbekende bankname, soos die Koninklike Bank van Skotland en Lloyds TSB, het die land in 'n see van rooi ink gelaat wat sonder twyfel bygedra het tot die party se nederlaag by die stembusse op 6 Mei 2010.

Intussen het Brittanje se nywerheidsproduksie, net soos regdeur al die geïndustrialiseerde Westerse nasies, gekrimp. Geen groot motorvervaardiger wat aan die Britte behoort, het in die land oorgebly nie. Die invloedryke Jaguar is nou in besit van die Indiese motorreus, Tata. Die hele Rover fabriek in Birmingham, is stukkie vir stukkie na China verskeep!

Groot Brittanje gaan nou gebuk onder 'n nasionale skuld van meer as £850 miljard – 'n syfer wat voorspel word om te styg tot £1.2 biljoen in die jare wat kom, soos wat die nasie geld

leen om die ekonomie aan die gang te hou terwyl hulle hoop op 'n groei-gedrewe herstel. By dit alles handhaaf Brittanje die wêreld se derde hoogste lopende rekening tekort. Met uitvoere ter waarde van \$468 miljard wat moet probeer vergoed vir \$654 miljard se invoere, is daar 'n uitstaande handelstekort van \$186 miljard. Die nasie se finansiële en ekonomiese oorspandering kan nie vir altyd voortgaan nie. In 2009 het die *Standard and Poor* Waardebepaling saagentenskap Brittanje afgradeer na 'n AAA-minus waardebeplanning, met 'n uitgestelde hersiene waardebeplanning sodat eers gesien kan word wat die nasie se nuwe regering kan regkry ten opsigte van kostebesnoeiings.

Ten spyte van Brittanje se ongesteldheid is die nasie vyfde in die wêreld ten opsigte van ekonomiese produksie – tweede naas Duitsland in Europa. Nogtans sal baie mense in Europa graag wil sien dat Londen sy status verloor as die wêreld se leidende finansiële sentrum ten gunste van óf Zurich óf Frankfort. Indien dit sou gebeur, sal Brittanje se posisie nog verder versleg.

Sewentig jaar later is dit nie meer die Geveg “van” Brittanje nie, maar die Geveg “om” Brittanje. Die hele land weet dat hulle in die moeilikheid verkeer. Net soos die Griekse ekonomie wat onlangs in duie gestort het, is die Britse ekonomie 'n storie van 'n nasie wat verboehul vermoë leef. Brittanje se “van die balansstaat af” private

finansierings-inisiatief projekte en die onbefondsde pensioenbetalings is groot verantwoordelikhede; alles in aanmerking geneem, kan die nasie nie vir baie lank volhou met die land se vinnig-groeiende maatskaplike uitgawes nie. Verlamme mediese kostes en werkloosheidsvoordele wat wetlik verskans is, plaas die nasie in 'n mededingende agterstand teenoor die lewendige Asiatiese ekonomieë. Net soos ryke in die verlede opgekomen ten gronde gegaan het, styg die Asiatiese nasies nou tot voorrang, terwyl die Britse nasie, in die wurggreep van skuld, tekens toon van naderende mislukking. Moeilike tye lê voor vir Brittanje en sy mense.

Ons weet nogtans dat die Almagtige God in beheer is van wêreldsake. Wat besig is om te gebeur moet gebeur vir 'n Goddelik verordineerde rede. Inderdaad, soos diegene wat lank reeds *Die Wêreld van Môre* lees en verstaan, die sleutel om Brittanje se moderne ongesteldheid te verstaan, word gevind in die bladsye van u Bybel waar antieke profesieë lig werp op huidige gebeure. Indien u nog nie ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* gelees het nie, nader asseblief ons streekkantoor die naaste aan u, of gaan na ons Webtuiste [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za), om u gratis kopie te bestel.

### Wat is volgende?

Wat kan die Bybel aan ons sê oor die toekoms van Brittanje? Lank, gelede het God die nasie van Assirië militêr gebruik om rebelse Israel te straf, en Hy sal daardie nasie weer gebruik. Die geskiedenis dui aan dat antieke Assirië Israel in ballingskap weggevoer het in 721 v.C. Bybelse profesieë dui aan dat die moderne afstammeling van antieke Assirië weereens van Israel slawe gaan maak. Bybelstudente wat hedendaagse Duitsland sien as die nasate van antieke Assirië en Brittanje as 'n nasaat van die Verlore Tien Stamme van Israel, kan begin verstaan hoe God Sy wil sal bewerk deur geopolitieke gebeure in die nabye toekoms. Hierdie scenario mag nouliks geloofwaardig wees vir wêreldlike waarnemers wat wêreldgebeure nou dop hou, maar u Bybel maak dit duidelik. Om meer te leer oor hierdie skokkende verwickelinge, vra asseblief vir ons gratis herdrukke artikel: *Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?*

Die Ou-Testamentiese profeet Hosea het geskryf van 'n tyd wat al byna op ons is. Hy het verstaan dat in die eindtyd, die Huis van Israel na die Assiriërs sal gaan om hulp. Duitsland verkry tans voorrang in Europa (lees Die groei van 'n leier, elders in hierdie uitgawe) en bult sy ekonomiese spiere. Die tyd sal spoedig aanbreek dat 'n angstige Brittanje na Duitsland sal opsien om hulp. Lees hoe die profeet dit bewoord: “Toe Efraim sy krankheid sien ... het Efraim

na Assur gegaan ... maar hý kan julle nie genees en julle van die sweer nie gesond maak nie” (Hosea 5:13).

Ook: “Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy ... Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, (dit is hedendaagse Efraim, Groot Brittanje, saam met ander moderne afstammelingen van antieke Israel) ... teen die volk van my grimmigheid” (Jesaja 10:5-6).

Die vorige Assiriese ballingskap was brutaal en wreed vir die Israelitiese gevangenes. Die Tweede Wêreldoorlog

herinner ons aan die groot wreedheid waartoe moderne Assirië in staat is. Om ekonomiese, politieke en uiteindelik fisiese gevangenes van Assirië te word, is geen geringe saak vir die eens groot Britse nasie nie. Sommige trots Britte mag nie daarvan hou om te hoor wat hul geprofeteerde toekoms is nie, maar ons by *Die Wêreld van Môre* het 'n verantwoordelikheid as “wagte” om die opdrag wat God gegee het, uit te voer (Esegiël 33:7; Matteüs 24:42).

Dankie tog, die profesieë

onthul ook dat die vooruitsigte nie net duister is nie. Presies wanneer dit lyk asof dinge op hul heel slegste is te midde van verwoestende eindtydse botsings, sal Jesus Christus terugkeer na planeet Aarde om as Koning van die konings in die glorieryke Koninkryk van God te regeer. Die wêreld sal dan ongeëwenaarde vrede en voorspoed geniet wanneer voormalige vyande vreedsaam sal saamkom onder Christus (Jesaja 19:24-25). Mag God daardie dag bespoedig! **W&M**

### **Vervolg vanaf bladsy 22 – Wie was Jesus?**

van die tweede en derde eeue, soos bv. Clemens van Alexandrië, Origenes en Epifanus het aangevoer dat Kersfees 'n namaaksel was van 'n heidense fees” (“*Christianity*”, bl. 499).

Wanneer u die boek *Handelinge* lees, sal u opmerk dat die Apostoliese Kerk van die eerste eeu – die Kerk van die Nuwe Testament – nooit Kersfees of die geboortedag van Christus gevier het nie. Die ware Apostoliese Kerk van die eerste eeu het wel die Bybelse feeste soos die Nuwe-Testamentiese Pasga, Dae van Ongesuurde Brode, Pinkster, die Fees van Basuine, die Versoendag, die Huttefees en die Laaste Groot Dag, gevier. Die Bybel toon duidelik dat Jesus Christus die Laaste Groot Dag van die Fees gevier het. Die apostel Johannes het verwys na hierdie Feesdag toe hy geskryf het: “En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en

uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei” (Johannes 7:37-38).

Jesus het die Bybelse feesdae gevier en ware Christene streef daarna om Sy voorbeeld te volg. Die apostel Petrus stel dit immers duidelik: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Petrus 2:21).

Volg tradisionele Christelikheid in Jesus se voetstappe? Onderhou dit die weeklikse Sabbat – die sewende dag van die week – net soos Jesus? Christus het gesê dat Hy, “die Seun van die mens Here ook van die Sabbat” is (Markus 2:28). Soos ons uit Genesis 2:3 weet, het God die sewende dag tydens die skepping geheilig. Vir wie was die Sabbat egter gemaak? Jesus

het verklaar: “Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie” (Markus 2:27). Die Sabbat is vir die hele mensdom gemaak as 'n dag van rus en as 'n herdenking van God se groot skepping. Onthou, God het alle dinge, insluitend die Sabbat, deur Jesus Christus geskape (Efesiërs 3:9).

### **Die historiese Jesus**

Die Joodse historikus, Josefus, het verwys na Jesus se broer, die apostel Jakobus, wie die boek Jakobus in die Nuwe Testament geskryf het. In die eerste eeu na Christus, het Josefus as volg geskryf: “Festus was nou dood en Albinus was net oppad; daarom het hy die Sanhedrin van regters saamgeroep, en die broer van Jesus, wat Christus genoem word, wie se naam Jakobus is, en ook ander [of, van sy metgeselle], voor hulle gebring; en nadat hy 'n

**Vervolg op bladsy 26**

# Die groei van 'n leier

Deur Dexter B. Wakefield

Europa het oor baie eeue heen herhaaldelik onder vernietigende oorloë gely. Koninkryke en bondgenootskappe van nasies het teen mekaar geveg om oorheersing. Vir meer as 'n duisend jaar het die Europese "Christendom" teen Moslem invallers geveg in plekke so uiteenlopend soos Spanje, Frankryk, Italië en Oostenryk.

Deur dit alles heen was die Duitse volke ongerieflik "vasgedruk" tussen twee groot moondhede: Rusland aan die Ooste en Frankryk aan die Weste. Moderne militêre historici skryf dikwels Duitsland se oorlogvoering en algemene ongemak met sy bure, ten minste gedeeltelik, toe aan sy gebrek aan geografiese sekerheid. By drie geleenthede, in moderne tye – in 1871, 1914 en 1939 – het 'n ambisieuse en aggressiewe Duitsland verkies om Frankryk eerste aan te val en sodoende 'n oorlog aan twee fronte af te weer.

Party strategiese denkers in Duitsland droom al lankal drome om Europa te domineer in 'n omstrede plan wat *Mitteleuropa* genoem word, maar het nog altyd in die militêre implementering daarvan gefaal. Die woord *Mitteleuropa* word gebruik as beide 'n plek en 'n idee. Geografies gesproke is dit die Duitsers se algemene

gebied in sentraal Europa en gevolglik was dit 'n plan wat om en by 1915 vir die eerste keer voorgestel was vir Duitse oorheersing van die streek.

Is die Duitsers nou in 'n posisie om deur ekonomiese middele die oorheersing te verkry wat hulle nooit militêr kon behaal nie? 'n Groeiende getal analiste sê dat die aanneming van die euro as die algemene betaalmiddel vir Europa, hierdie resultaat onvermydelik maak. *Dieselfde ekonomiese faktore wat Duitsland se ekonomie egter sterk gemaak het met betrekking tot sommige ander Europese lande, destabiliseer ook die Europese Unie finansieel.* Wat lê voor vir die euro en die Europese Unie? Verder, watter perspektief gee die Bybel oor hierdie vinnig-ontwikkelende gebeure?

## Die euro: Die band wat bind

Die euro was uitgedink as 'n middel om die veskillende nasies van Europa saam te bind in 'n ekonomiese unie wat die kontinent se voortdurende oorloë uitgediend sou maak. Die ekonomiese interafhanklikheid wat die euro voorsien, tesame met 'n gedeelde Europese mark, sou militêre botsings tussen die nasies voorkom. Vir die Franse was die euro 'n ideale manier om hul ou teenstander, Duitsland in toom te hou, omdat dit sou lei tot

groter politieke eenheid.

Die lande wat die euro amptelik gebruik – 16 van die 27 lede van die Europese Unie – word die eurosone genoem. Hulle is: Oostenryk, België, Ciprus, Finland, Frankryk, Duitsland, Griekeland, Ierland, Italië, Luxemburg, Malta, die Nederlande, Portugal, Slowakye, Slowenië en Spanje. Belangrik, die Verenigde Koninkryk, Swede en Denemarke het nog nie besluit om oor te skakel na die euro nie en verkies om hul eie geldeenhede te behou. Daar is egter lede buite die eurosone wat die euro gebruik, insluitende Andorra, Kosovo, Montenegro, Monaco, San Marino en die Vatikaanstad. 'n Beraamde 327 miljoen Europeërs gebruik daagliks die euro. Terwyl die euro die wêreld se tweede grootste reserwegeldeenheid is (naas die dollar) het die euro in werklikheid sedert 2009 meer waarde in banknote en muntstukke in sirkulasie as die Amerikaanse dollar. Nadat dit in 1999 bekendgestel is, het die euro vinnig 'n mag geword om mee rekening te hou.

Binne die Europese Unie is party nasies ekonomies sterker as ander. Duitsland se geïndustrialiseerde produktiwiteit blink uit bo die meer landelike ekonomies van Spanje, Portugal en Griekeland.



As gevolg van Duitsland se groter geïndustrialiseerdheid is Duitse werkers geneig om meer waarde per werksuur by te voeg. Onder die euro-geldeenheid regeringstelsel het Duitsland onvermydelik 'n uitvoer-gedrewe ekonomie geword en het groot surplusse opgehoop, relatief tot die ander EU lande.

“Duitse lone is sekerlik hoog, maar 'n hoër produktiwiteit beteken egter dat dit relatief goedkoper is om werkers te huur en produkte van hoë gehalte te vervaardig, selfs vergeleke met die tradisioneel laer-tarief Griekeland, Portugal of Spanje ... Dit beteken nie dat Duitse arbeid goedkoop is nie. Hulle lone en byvoordele vir vervaardiging is van die hoogste in Europa, omtrent €34 [\$42 of R315] per uur ... Griekeland is maar die helfte daarvan en Portugal nog laer” (*Europe's Stragglers Find Villian*, *Wall Street Journal*, 22 Maart 2010).

Die Duitse werkers en nyweraars het hul plek verdien.

Die Duitse werker word meer betaal maar lewer noemenswaardig meer waarde per uur as eweknieë in ander lande en verleen aan die algehele Duitse ekonomie 'n voordeel. Die Duitsers is bewus hiervan en streef daarna om dit te behou.

“Deur 'n deksel op die styging van arbeidskoste te hou, is Duitsland se uitvoere in staat om prysgewys te kompeteer, ten spyte van 'n hoë euro. Dit gebeur egter ten koste van markaandeel vir andere in die eurosone, is die mening van

kritici. Terwyl Duitsland 'n handelsoorskot van €136 [ $\pm$  \$167 of  $\pm$  R1,586] miljard opgehoop het verlede jaar, het Spanje, Griekeland en Portugal taamlieke groot handelsverliese ervaar ... Daar is drie maniere waarop lande hul produkte wêreldwyd aantreklik kan maak: Hou stygende arbeidskoste in toom; verhoog produktiwiteit; en devalueer die geldeenheid. Die laaste opsie is nie beskikbaar vir die eurosone nie, want daar is 'n enkele geldeenheid” (*ibid.*)

Die Duitse voordeel duur dus voort – in geen klein mate te wyte aan die euro.

### **Wees versigtig vir Grieke met verbandsverpligtinge**

Griekeland stem lank reeds linksgesinde regerings in. Dit het uitgeloop op baie hoë belastingtekorte en massiewe staatslenings as gevolg van die land se swak ekonomie en die mildelike staatsbyvoordele. Die Griekse volk en Griekse politici het afhanklik geraak van hierdie stelsel en dit is uiters moeilik om dit te verander. Griekeland se skuld is egter nie volhoubaar nie. *Die algehele staatskulde is meer as die land se jaarlikse opbrengs en dit groei nie net nie, maar die groei daarvan versnel.* Die regering het nou die perk bereik waartoe krediteure bereid is om nuwe skuld te finansier en die herfinansiering van die land se ou skuld het moeilik en baie duur geword. Wanneer ander lande met hierdie probleem gekonfronteer was, het hulle hul geldeenheid gedevalueer en dit

het hulle in staat gestel om hul skuld te bestuur. Die Grieke is egter binne die eurosone en hulle geldeenheid is die euro. Hulle kan dit nie na willekeur devalueer nie. Die moontlikheid van buitelandse wanbetaling deur Griekeland het skokgolwe deur die Europese Unie gestuur.

Dit is egter slegs die slegte nuus. Die slegste nuus is dat Griekeland se probleme net maar die eerste klein golf is van 'n tsunami van skuldprobleme wat gereed maak om oor die strande van die Europese Unie te breek. Vier ander Europese lande, *elk met baie groter ekonomie*, stuur ook af op dieselfde rotsagtige strande. Portugal, Italië, Ierland en Spanje – wat saam met Griekeland kollektief die PIIGS genoem word – het almal groot handelstekorte wat die limiete nader van wat gefinansier kan word. Hierdie nasies sal drasties moet besnoei in regeringslone en staatsbyvoordele indien hulle hul staatsuitgawes en tekorte wil beheer. Soos die Duitse Minister van Ekonomiese Sake, Ranier Bruederle, gesê het, party van die EU nasies het “bo hul middele geleef en hul mededingendheid verwaarloos” (*ibid.*).

“Baie Europese amptenare het hul kommer uitgespreek dat, sou Europa nie optree om Griekeland van wanbetaling te red nie, die gevaar ontstaan dat die land se probleme na ander Europese nasies sal oorspoel en sodoende die euro in gevaar stel” (*Greece Debt Crisis Seen Getting Worse*, *Wall Street*

*Journal*, 20 April 2010). Hulle het spesifiek Spanje en Portugal in gedagte. 'n Griekse wanbetaling sal 'n skok wees. 'n Wanbetaling deur Spanje of ander nasies van die eurosone sal 'n katastrofe vir die euro wees – vroeg in Junie het die waarde van die euro reeds tot die laagste vlak in vier jaar getuimel, met verdere onsekerhede wat nog voorlê.

Ekonomie het alreeds gesê dat die borgstaan-pakkette wat deur die Europese Unie en die Internasionale Monetêre Fonds aangebied word, genoeg mag wees om **vir 'n tydjie** die verspreiding van Griekeland se probleme te voorkom, maar dit sal nie genoeg wees om soortgelyke – of baie erger – wanbetalings te voorkom wat die ander PIIGS-lande tot die randjie van 'n ekonomiese ramp sal bring nie. Oor dit alles doem Duitsland ook op as die ekonomiese kragreus wat dit alles beheer en voorwaardes stel vir ander nasies om van ekonomiese hulp gebruik te maak.

Ander Europese lande wil hê dat Duitsland sy binnelandse verbruik moet verhoog en sy swaarverdiende ekonomiese voordeel moet verminder. Frankryk het Duitsland se afhanklikheid op uitvoere gekritiseer as sou dit deels te blameer wees vir die huidige krisis. Duitsers het vies hierop gereageer. Duitsland se Kanselier Angela Merkel het kortaf gesê: “Duitsland sal nie die krag van sy uitvoere verbeur nie” (*“Merkel Floats Option of Euro-Zone Expulsion”, Wall*

*Street Journal*, 18 Maart 2010).

Dit moet nog gesien word of die Griekse volk – en die politici – Duitse mikrobestuur van hul ekonomiese sake sal verduur. Selfs in die beste-geval scenario, kan korttermyn maatreëls soos die borgstaan aksies slegs korttermyn probleme aanspreek. Die moontlikheid is daar dat die EU en Duitsland dieselfde probleme weer, kort voor lank, sal moet aanspreek, vererger deur die probleme in Spanje, Portugal en Italië. Duitsland sal graag sy huidige invloed wil gebruik om langtermyn strukturele veranderings in die EU af te dwing, soos groter fiskale beheer oor lidlande. Duitsland sal op die korttermyn moet betaal, maar sal dit verruil vir langtermyn voordele.

Dit alles veroorsaak 'n groot politieke probleem vir die Duitse Kanselier Angela Merkel, omdat die Duitse belastingbetaler dit haat om borg te staan vir die Griekse werkers net sodat die Grieke vroeër kan aftree as die Duitsers. Kanselier Merkel sal uiteindelik aandring op verrykende veranderings in ruil vir Berlyn se goedhartigheid. Deesdae onderhandel Duitsland vanuit 'n magposisie.

“Oproepe aan Duitsland om te 'herbalanseer' het toegeneem – om meer van sukkelende Europese bure te koop sodat hulle meer geld tuis kan hou. Duitse amptenare, insluitende Minister van Finansies Wolfgang Schäuble, was onwrikbaar – dit is beter om Europa se 'dryfkrag' te wees as

sy oop-beursie weldoener” (*“Smaller euro nations trail Germany's 'locomotive,’” Washington Post*, 2 Junie 2010). Wat beteken dit in praktiese terme? “Sonder 'n nasionale geldeenheid, ontbreek dit Griekeland, sowel as ander skuld-belaaide ekonomiese soos Spanje, aan 'n belangrike middel – die vermoë om hul geldeenheid te devalueer en hul goedere dus goedkoper en meer mededingend te maak. Duitsland word gesien as die keersy van daardie vergelyking – die industriële kragreus wat voordeel trek deur geld te trek uit Europese lande wat vasgevang is in die wentelbaan van die algemene geldeenheid” (*ibid.*).

Die dae van goedkoop krediet en oormatige spandering is verby vir die PIIGS-lande. Duitsland manoeuvre vanuit 'n posisie van mag en, na gelang van tyd, sal hulle moontlik hul sin kry in watter herstrukturering die EU ookal implementeer om opgewasse te wees teen 'n moontlike herhaling van die Griekse skuldkwessie.

### **Moet nooit 'n krisis vermors nie**

Die Hudson Instituut se Irwin Stelzer het opgemerk: “Dit lyk of die Europese politici geleer het van hul eweknieë in die Obama administrasie. Rahm Emanuel, Barack Obama se hardvoggige stafhoof, het die geërfde wrak van die Amerikaanse ekonomie betrag en aan die President gesê: 'U wil tog nie hê dat 'n ernstige krisis

verlore moet gaan nie'. Niemand kan die Europese politici en hul burokrate daarvan beskuldig dat hulle die ernstige krisis wat vir die EU geskep is deur Griekse spandabelrigheid, verlore laat gaan het nie" (*"Greek Problem Will Drive Integration"*, *Wall Street Journal*, 19 April 2010).

Stelzer gaan voort: "Vir die voorstanders van groter Europese integrasie is Griekeland se krisis hul geleentheid om hul agenda 'n verdere hupstoot te gee as wat hulle gedroom het moontlik sou wees, as die Grieke nie hul boeke vervals het en op 'n leenfuif gegaan het om die uitspattige lewenstyl van die immer groter wordende getal Griekse staatsamptenare te ondersteun nie".

Stelzer wys daarop dat die Griekse krisis aan die voorstanders van hegte Europese integrasie 'n nuwe geleentheid gegee het om hul agenda te bevorder. Verseker het baie waarnemers nog altyd geweet dat 'n gemene geldeenheid en 'n enkele rentekoers vir die hele EU sou uitloop op probleme, by gebreke aan 'n verenigde fiskale beleid. Soos Stelzer egter opmerk: "So lank as wat die wêreld se ekonomiese gefloreer het, was hierdie kink in die kabel van Europese integrasie van minder belang. Die Duitse uitvoermasjien het bly rol. Griekse verbruikers het bly invoer, geleen teen aantreklike koerse om vir die invoere te betaal, dus het dit gelyk of alles goed gaan

... **maar dit het nie**. So het die krisis, wat nie vermors moet word nie, oor die eurosone gekom" (*ibid.*).

Duitsers – van wie nou gevra word om elk €100 te hoes om die Grieke in staat te stel om op 'n vroeër ouderdom as enige Duitser af te tree – mag binnekort gevra word om soortgelyke steun aan Spanje, Portugal of ander Suid-Europese nasies te verleen. Is dit realisties om te verwag dat Duitsland moet aanhou betaal sonder om groter verteenwoordiging in die fiskale sake van die lande wat voordeel trek, op te eis? Stelzer merk op: "Ons sal binnekort leer presies hoe veel bykomende soewereiniteit elke nasie binne die eurosone bereid is om prys te gee wanneer Europa die volgende tree gee – 'n reuse tree – op die pad na meer volledige ekonomiese integrasie" (*ibid.*).

'n Sentraal beheerde, federale Europese Unie mag nou meer aanneemlik wees as ooit voorheen. In 'n onlangse lesing het Adrian Hilton, skrywer van *The Principality and Power of Europe*, dit kortaf gestel: "Daar sal 'n enkele finansiële beleid wees ... en 'n enkele belasting". Die huidige EU van 27 nasies, as gevolg van sy huidige interne konflik, lê tans die grondwerk vir 'n supermag van 'n tien-nasie entiteit (of "koninkryk") wat in die Skrif voorspel word.

Groot krisisse kan draers word vir groot veranderings. Dit mag egter 'n groter krisis as die

huidige vereis om dit voort te bring wat, soos die Bybel aandui, die finale resultaat van hierdie gebeure sal wees.

## Die Terugkeer van Mitteleuropa?

Sou Duitse leiers van die begin af verkies het om die e e u e - o u e d r o o m v a n *Mitteleuropa* te verwesenlik of nie, hulle is in 'n posisie om te begin om ekonomiese leierskap oor die res van Europa uit te oefen. Watter veranderings kan ons verwag om te sien in die toekoms van Europa? Ons kan die antwoord in die Skrif vind.

Die Bybel is 'n unieke boek, in die sin dat dit hoofsaaklik fokus op 'n 7,000-jaar tydperk – menslike geskiedenis – en dit wel uit God se oogpunt. Hierdie God is nie 'n soort abstrakte, onbekende mag nie; Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob, wie verduidelik dat Hy die einde van die begin af kan verkondig (Jesaja 46:8-10). Die Skrif – Sy Woord – verlig beide vervloë en toekomstige gebeure in die konteks van Sy plan vir die mensdom, wat Hy vooraf bepaal het om uit te voer in 'n profetiese "week" van sewe duisend jaar.

Dit is belangrik om hierdie formaat in gedagte te hou wanneer profesieë gelees word. In Bybelse kronologie is ons ná aan die einde van die sesde duisend jaar van hierdie tydperk. Die volgende duisend jaar, die sewende, sal die duisendjarige Sabbatsrus wees, bekend as die Koninkryk van God (Hebreërs

# Wie was Jesus?

Deur Richard F. Ames

***Selfs die meeste skeptici stem saam dat daar heel moontlik in die eerste eeu 'n man was wat in die Romeinse provinsie Judea gewoon het, wat 'n omstrede boodskap verkondig het en gedood was omdat hy dit gedoen het. Was hierdie Jesus egter slegs maar nog 'n rondtrekkende prediker rondom wie 'n klompie legendes ontwikkel het? Of was dit die Seun van God wat gekom het om 'n boodskap te verkondig wat min mense vandag verstaan? Selfs indien u dink dat u in Jesus glo, mag die antwoord u verbaas!***

Omtrent een-derde van die aardse bevolking noem hulself Christene. Selfs tussen hulle is daar egter relatief min wat weet wat Jesus geleer het, of wat die Bybel onthul aangaande die werklike Jesus Christus. Hyself het gesê dat daar baie nabootsers sal wees – Hy het hulle “valse christusse” genoem (Mattheüs 24:24). Die apostel Paulus het gewaarsku teen “'n ander Jesus ... as wat ons verkondig het, of ... 'n andergees ... wat julle [nie] ontvang het [nie], of 'n ander evangelie ...” (2 Korinthiërs 11:4). Ken u die ware Messias – die werklike Jesus Christus?

Wat openbaar die Bybel? Was Jesus net 'n leermeester? Of was Hy dit *en meer*? In Johannes 4 praat Jesus met 'n vrou by “die fontein van Jakob” naby die Samaritaanse stad Sigar. Hierdie vrou het oortuig geraak dat Hy die beloofde Messias – die Christus is. Sy het die hele gemeenskap van hierdie man vertel wat, soos sy gesê het, “my alles vertel wat ek gedoen het” (vers 39). Die gevolg was dat baie ander Samaritane gekom het om na Jesus te luister en hulle het Hom oorreed om twee dae by hulle te bly. Wat was hulle indruk van Jesus? “En baie meer het op

grond van sy woord geglo en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is” (Johannes 4:41-42).

Die naam Jesus beteken “Verlosser”. Was Jesus die Verlosser van die wêreld? Mens moet liever vra: “*Is* Hy die Verlosser van die wêreld?” Die bevestiging van vervulde profesieë, geskiedkundige akkuraatheid, die behoud van die teks en die openbaring van die lewe se geheime en betekenis, ondersteun in totaliteit die waarheid dat Hy is! Ja, Jesus het die Verlosser van die wêreld geword. Hoe het Hy dit egter geword? Hy was Immanuël, “God met ons” – God in die vlees! Waarvandaan het Hy gekom? “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:1-3).

Hierdie Woord van wie die apostel Johannes gepraat het, was die Een wat Jesus Christus in die vlees geword het. Let daarop: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon

– en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” (Johannes 1:14). Hy het Sy lewe opgeoffer om vir die sondes van die wêreld te betaal, soos net Hy dit kon doen. Hy was uitgebeeld as die offerlam. Let daarop hoe Johannes die Doper van Hom getuig het: “Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29). Hy was verraai vir dertig silwerstukke, soos geprofeteer in Sagaria 11:12-13. Nadat Hy Jerusalem op 'n esel binnegery het, sou Hy soos 'n geslaande herder wees (Sagaria 9:9, 13:7).

Daar is in die Ou Testament altesaam meer as 100 profesieë wat die koms van die Messias voorspel. Sommige siniese mense sê dat Jesus op een of ander manier Sy bediening so “gereël” het om hierdie profesieë te vervul, of dat die skrywers van die Nuwe Testament die evangeliese verhale uitgedink het om te bewys dat hulle vervul is. Het honderde van Jesus se eie tydgenote – wat geleef het gedurende die tyd wat Paulus sy briewe geskryf en diegene



eerstehands geken het wat getuie was van die gebeure wat beskryf was (1 Korinthiërs 15:6) toegelaat dat hulle doodgemartel word vir 'n verdigsel? Ja, daar is altyd skeptici – net soos daardie mense wat deesdae die eerste-handse verslae van oorlogtydse wreedhede tydens die Tweede Wêreldoorlog, in Kambodja en Irak in twyfel trek – maar Paulus en die ander skrywers van die Bybel het aan hulle tydgenote geskryf in 'n tyd toe duisende gewillig was om onder vervolging vir hulle geloof te sterf as gevolg van wat hulle self gesien en gehoor het!

Ja, u kan in die woorde van die Bybel glo! Dit is egter skokkend om te besef dat so baie predikante aan u sê om te glo – maar u nooit sê om te bekeer nie. Jesus het egter Self aan ons almal gesê om ons te bekeer! Ons Verlosser beveel elke mens op aarde om hom te bekeer en te glo. Vereis God werklik enige handeling van diegene wat glo? Die apostel Petrus het gesê dat Hy dit wel doen. Wat het Petrus gesê op die Pinksterdag toe hy duisende mense toegespreek het tydens sy eerste geïnspireerde preek op die dag toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin het? Hy het gesê: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Duisende van die mense wat hom aangehoor het, was

oortuig van hul sondes en is op daardie dag gedoop, waarna hulle die beloofde gawe van die Heilige Gees ontvang het.

U voel moontlik die pyn van skuld en sonde. Daar is 'n manier om 'n omwenteling in u lewe te laat plaasvind. Jesus, die Lam van God, het u sondes op Hom geneem. Ten einde egter met God versoen te kan raak, moet u die ware evangelie glo – en daarop reageer. Soos Jesus verkondig het: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15).

### 'n Revolusionêre Jesus?

Toe ek omtrent 12 jaar oud was, het ek die leringe wat ek in die kerk gehoor het, bevraagteken. Ek het aan myself gesê: “Ek wonder of Jesus ooit bestaan”. Ek het dus gedink: “Ek sal net maar lees wat die biografieë van Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes van Hom sê”. Selfs as 'n twaalfjarige was ek verstom met wat ek gevind het, veral toe ek die “Bergpredikasie” begin lees het. Neem as voorbeeld toe Jesus gesê het: “Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe” (Mattheüs 5:39). Ek het gedink: “Die dinge wat Hy ons leer, is revolusionêr!” Op my eie, beperkte manier het ek my lewensuitkyk begin verander, hoewel ek nie tot werklike bekering geroep sou word tot baie jare later nie.

Wanneer hul uiteindelik die Bybel self begin lees, het baie mense dieselfde ondervinding as ek ervaar. Die skrywer Bruce Barton was “afgehaal” deur die valse Jesus wat in sy Sondagskoolklas opgedis was. Hy het geskryf: “Die klein seuntjie [Barton, hy het van homself geskryf] het na die prent gekyk wat teen die Sondagskool se muur gehang het. Dit het 'n bleek jong man met papperige voorarms en 'n hartseer uitdrukking uitgebeeld. Die jong man het 'n rooi bakkebaard gehad. Toe het die klein seuntjie na die oorkantse muur gekyk. Daar was Daniël, goeie ou Daniël, wat die leeus op 'n afstand gehou het. Die klein seuntjie het van Daniël gehou. Hy het ook van Dawid gehou, met sy getroue slingervel waarmee hy die klip reg in die middel van Goliat se voorkop laat beland het. Ook Moses met sy staf en sy groot koperslang. Hulle was wenners – daardie drie ... maar Jesus! Jesus was die 'Lam van God'. Die klein seuntjie het nie geweet wat dit beteken het nie, maar dit het na Maria se klein lammetjie geklink. Iets vir dogtertjies – meisieagtig. Jesus was ook 'sagmoedig en nederig', 'n 'man van smarte en bekend met krankheid'. Hy het drie jaar rondgegaan en aan mense gesê om nie dinge te doen nie” (*The Man Nobody Knows*, bli i-ii).

Net soos Barton het ek ook eenmaal 'n vals idee van Jesus gehad. U miskien ook. Indien u egter die Bybel self sal lees, mag u verras wees om te ontdek dat

baie van die populêre voorstellings, konsepte en leringe wat dikwels aangebied word as “Christelikheid”, heeltemal anders is as die waarhede wat in die Bybel te vinde is.

Barton het tot die besef gekom dat daar 'n teenstrydigheid is tussen wat Jesus verkondig het en die wêreld se vals beeld van Hom. Barton het geskryf oor sy herontdekking van die Bybelse Jesus Christus. “Hoe meer preke hy [Barton] gehoor het en hoe meer boeke hy gelees het, hoe meer dronkgeslaan was hy. Een dag het hy besluit om sy gedagtes skoon te kry van boeke en preke. Hy het gesê: 'Ek sal lees wat die mense wat Jesus persoonlik geken het oor Hom gesê het. Ek sal van Hom lees asof Hy 'n nuwe historiese karakter is, iemand van wie ek nog nooit iets gehoor het nie'. Die man was verbaas. 'n Fisiese swakking! Waar het hulle aan daardie idee gekom? Jesus het 'n skaaf hanteer en 'n byl geswaai; Hy was 'n suksesvolle timmerman. Hy het in die oopte geslaap en Sy dae deurgebring deur langs Sy geliefde meer te loop. Sy spiere was so sterk dat toe Hy die geldwisselaars se tafels omgekeer en hulle uitgedryf het, niemand gewaag het om Hom teen te staan nie! 'n Pretbederwer! Hy was die mees gesogste dinee-gas in Jerusalem! Ordentlike mense het Hom gekritiseer omdat Hy te veel tyd saam met tollenaars en sondaars deurgebring het ... en die sosiale lewe te veel geniet

het. Hulle het hom 'n 'vraat en 'n wynsuiper' genoem ... Toe die man klaar gelees het, het hy uitgeroep: 'Hierdie is 'n man wat niemand ken nie'” (ibid., bll iii-iv).

### Waarheid weggesteek

Hoe kan ons egter die ware Jesus leer ken? Dit is heel verbasend, baie van die algemeenste godsdienstige tradisies kan misleidend wees – selfs oor iets so basies as Sy geboorte. Waarom is Jesus gebore? Let daarop wat die engel aan Maria gesê het nog voor Sy geboorte: “En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:31-33).

Jesus se boodskap het gegaan oor die Koninkryk van God op aarde! Hy sal weer kom as die Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 17:14, 19:16). Hy sal op die troon van Dawid sit en oor alle nasies regeer. Soos Jesaja geskryf het: “tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid” (Jesaja 9:6). Dit is wonderlike nuus en ons behoort almal te bid, soos Jesus ons geleer het:

“Laat u Koninkryk kom”!

Wanneer is Jesus gebore? Is Jesus in Desember op Kersdag gebore? Dit mag party mense verras, maar ons kan seker wees dat dit nie die geval is nie. Lukas vertel dat Josef en Maria na Bethlehem teruggereis het vir die sensus wat Keiser Augustus gelas het. Die stad was oorvol, dus moes Josef en Maria akkommodasie aanvaar wat nie van die allerbeste was nie. Nadat Jesus in Bethlehem gebore is, was Hy in 'n krip neergelê (Lukas 2:7). Gee ag op watter tyd van die jaar dit was: “En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het” (Lukas 2:8).

Die meeste Bybelse geleerdes erken ruitelik dat daar nie skaapwagters in die oop veld is in Desember nie. Die koue, reënerige seisoen begin lank voor 25 Desember. Jesus is moontlik in laat September of vroeg in Oktober gebore, soos die meeste geloofwaardige Bybelkommentators erken. Waarom aanvaar ons so dikwels tradisies en leerstellings sonder om die juistheid daarvan na te speur? Party van ons begrippe en idees strook nie met die Bybel nie! Jesus het nooit Sy verjaarsdag gevier nie, nog minder die Apostels! Soos die *Encyclopædia Britannica* dit stel: “Volgens die Romeinse kalender was die Christelike Fees van Kersfees in Rome gevier teen 336 n.C.” (“*Christmas*”, bl. 903). Slaan ook ag op die volgende: “Die Vaders

**Vervolg op bladsy 15**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Indien die poort nou is en die pad smal, soos Jesus Christus in Mattheüs 7:13-14 sê, hoe kan Sy juk dan sag en sy las lig wees? (Mattheüs 11:30). Verduidelik asseblief hierdie klaarblyklike teenstrydigheid.

**ANTWOORD:** Met die eerste oogopslag mag dit na 'n teenstrydigheid lyk, maar in werklikheid is dit nie. Om u vraag te kan beantwoord, moet ons elke Skrifgedeelte verstaan, beginnende met Mattheüs 7:13-14.

In hierdie Skrifgedeelte, kontrasteer Jesus twee lewensweë. Hy sê: “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind”. Die woord “nou” is 'n vertaling van die Griekse woord wat aanduidend is van “saamgepers” of om in 'n kloof ingeperk te wees deur groot rotse. Die Griekse woord wat vertaal is as “smal” dra die betekenis van “nie wyd nie”, “eng”, “begrens” of “ingehok” (vry vertaal uit *An Espository of Biblical Words*, ed. Vine, 1985).

God se manier is nie die gewone manier wat die sondige mensdom sou kies of die gerieflikste sou vind nie. Die menslike natuur soek en bly in sy eie selfsugtige gemaksonne. Dit [die menslike natuur] voel subtiel gekrenk deur en kom in opstand teen God se manier en Sy Wette – die Tien Gebooie (Romeine 8:7). So bedrieglik is die hart van die mens (Jeremia 17:9), dat baie dink dat hulle in Christus kan glo en kan voortgaan met hul sondige lewenstyl. Jesus vermaan om hierdie rede al Sy volgelinge: “Stryhard om in te gaan deur die nou poort ...” (Lukas 13:24). Die Griekse woord vir “stry” is *agonizomai*, wat eintlik “worstel” of letterlik “om te wroeg” beteken (vry vertaal uit *The Companion Bible*). Wanneer dit metafores weergegee word as “stry”, soos in 1 Timotheüs 6:12, beteken dit eintlik “veg en stry met alle volharding teen versoeking en teenkating”.

Die menslike aard is van nature geneig tot selfsugtigheid en ongehoorsaamheid aan God se heilige en regverdige wette. Sonder 'n diep, opregte bekering van sonde, en 'n stryd teen mens se eie menslike aard, sal baie mense eenvoudig nie in staat wees om die deur na God se Koninkryk te vind nie! Die *worsteling* van elke ware Christen is om self te bekeer van die sondes van die verlede en Godsinnig te word in plaas van eiesinnig! Die oorgrote meerderheid van die mensdom wil nie

daardie *smal* en *nou* paadjie bewandel nie – hul verkies eerder die maklike en breë weg. Party van hulle sal in Christus se naam profeteer, duiwels uitdryf en baie wonders doen, maar alles tevergeefs (Mattheüs 7:21-23). Waarom? Omdat hulle voortgaan om “*die ongeregtigheid te werk*” (vers 23). Jesus sal egter diegene wat wel kies om hul te bekeer en afstand te doen van wetverbreking, help om op die smal pad te kom.

Kyk nou na die tweede Skrifgedeelte onder bespreking. Jesus het gesê: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig” (Mattheüs 11:28-30). Die apostel Johannes brei uit: “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3).

God se manier is voorwaar 'n geseënde manier van bevryding van sonde en die gevolge daarvan, wat eindig in die dood (Romeine 6:23). As Christene moet “ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring”, – in volle vertroue dat Jesus Christus ons deur al die probleme en beproewings sal help. “Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle” (Hebreërs 12:1-4; 1 Petrus 5:7). Dit is die swaar gewig van sonde wat ons omring en neerdruk! Deur bekering en geloof in Jesus Christus, kan ons vergewe en vrygelaat word uit die wurggreep van sonde. Jesus het gepraat van twee lewenswyses – verslawing aan sonde, vasgeketting deur skuldgevoelens wat lei tot die ewige dood, in teenstelling met vreugdevolle gehoorsaamheid aan God se manier en ontvangs van oorfloedige seëninge wat lei tot die ewige lewe.

Dit is dus duidelik dat die twee Skrifgedeeltes onder bespreking mekaar nie weerspreek nie, maar eintlik opeenvolgend van aard is. Die een Skrifgedeelte moedig 'n handeling aan – die keuse om gehoorsaam te wees aan God se Wet. Die ander Skrifgedeelte beskryf die gevolge van daardie keuse – 'n sagte juk en ligte las. Waarlik, enigeen wat alreeds daardie keuse gemaak het, besef watter seëninge dit meebring. **WVMI**

# Profesie neem

## Die kriminalisering van Christelikheid!

Kan u glo dat die Verenigde State van Amerika – wat in sy *Pledge of Alliance* [Akte van Samewerking] daarop aanspraak maak om “een nasie onder God” te wees en op sy muntstukke verklaar, “Op God Vertrou Ons” – se burgers hofsake en tronkstraf in die gesig staar wanneer hulle die Bybel aanhaal of bely dat hulle in Bybelse lering glo?

Kan u glo dat in Engeland, Kanada – en regdeur die vorige Britse gemenebes nasies waar “*God Save the Queen*” gesing word – mense gedreig word met boetes en straf omdat hulle dieselfde oortuigings bely as hulle Anglikaanse, Metodiste en Baptiste voorvaders?

Regoor die wêreld word mense wat bely dat hulle die leerstellings van Jesus Christus glo, toenemend as kriminele behandel omdat hulle standpunt inneem volgens Bybelse beginsels. Hoekom gebeur dit, en wat beteken dit?

### Geval na geval

In 1954 het die Amerikaanse President, Dwight D. Eisenhower, 'n wet onderteken om die woorde “onder God” by te voeg tot sy nasie se *Pledge of Alliance* [Akte van Samewerking]. Vyftig jaar later is daardie woorde in die spervuur. Dit is verbode om in publieke skole te bid en inskripsies van die Tien Gebooue word verbied in skole en publieke geboue. Onderwysers wat dit waag om enige woord of enige aksie uit te voer wat sinspeel op 'n Christelike geloof, word

toenemend blootgestel aan geregtelike vervolging.

Nie lank gelede nie is 'n onderwyser van Kalifornië daarvan aangekla dat hy die skoolregulasies skend deur die lees van die Bybel as 'n taak te gee en die Bybel in die klas te lees. 'n Skool in Idaho is gedreig om toestemming om as skool te funksioneer te verbeur, omdat die skool beplan het om die Bybel in sy leerplan in te sluit. 'n Onderwyser van Kolorado word gekonfronteer met dissiplinêre stappe omdat hy 'n Bybel op sy lessenaar gelaat het waar skoolkinders dit kon sien. 'n Maatskaplike werker kan moontlik sy lisensie verloor omdat hy aan 'n medewerker gesê het hy glo 'n huwelik moet tussen een man en een vrou wees. In Michigan is 'n student wat gegraduateer is in berading, afgedank omdat hy op “godsdienstige gronde” nie berading wou verskaf aan 'n homoseksuele man wat probleme gehad het met sy maat nie. 'n Man het twee godsdienstige uitgewers vir \$10 miljoen gedagvaar omdat die Bybels wat hulle uitgegee, God se verbod op homoseksuele gedrag korrek oordra (sien *The Culture of Disbelief*, Carter, bl. 11-12). Dit alles het gebeur in 'n nasie wat eens bekend was vir sy “vryheid” van godsdienstige uitdrukking.

Amerika is nie die enigste land waar belydende Christene aangeval word nie. Nie lank gelede nie, na afloop van homoseksuele aktiviste se weeklange “Trots” feesviering in die weste van Kanada, is 'n man

en 'n koerant beboet en aangekla van “haat-misdaad” omdat hulle 'n advertensie gepubliseer het wat Bybelse verwysings bevat – nie eers aanhalings nie – wat God se veroordeling van homoseksuele gedrag beskryf. Alleenlik die verwysing na Bybelse was as “gevaarlik” beskryf omdat beweerd word dat dit homoseksuele persone blootstel aan “haat en bespotting”. In Ontario is 'n burgemeester met \$10,000 beboet omdat hy geweier het om 'n “Gay Trots Naweek” bekend te maak. In Swede is 'n predikant na die tronk gestuur omdat hy Bybelse oor homoseksualiteit gelees het. In Engeland het die polisie ondersoek ingestel na 'n biskop, omdat hy gesê het dat sommige homoseksuele persone hulleself kan “reoriënteer” (sien *The Criminalization of Christianity*, Folger, bl. 17-31). Die Europese Raad het planne bekendgestel om druk op lande toe te pas wat nog lyfstraf aan kinders toelaat (*Mail Online*, 22 Junie 2009) – ten spyte van die feit dat die Bybel ouers beveel om lyfstraf verantwoordelik te gebruik om hul kinders te korrigeer (Spreuke 13:24, 19:18, 22:15, 29:15, 17). Oortredings van die Raad se voorskrifte sal onderwerp word aan kriminele vervolging – dit beteken dat EU voorskrifte voorrang sal geniet bo God se opdragte in die Skrif! Gaan daar 'n tyd kom, soos sommige regsgeleerdes nou voorspel, dat wette teen “haat-misdaad” gebruik kan word om selfs die Bybel onwettig te verklaar en om die uiting van Bybelse waarhede



# gestalte aan

te kriminaliseer?

## Profesieë neem gestalte aan!

Vir miljoene mense wat die hedendaagse wêreldlike liberale denkwyses aanvaar, mag dit voorkom asof die pogings om duidelike Bybelse leerstellings te verbied, lankal reeds moes plaasvind. Nogtans het 'n beduidende aantal mense – veral in Amerika en in die noordwestelike Europese nasies – hierdie aksies geëien as effens meer dan “politieke korrektheid” en selfs as 'n soort van “theo-phobia” en 'n blatante poging om uitgesproke sekulariste toe te laat om mense van geloof die swye op te lê.

Jesus Christus se dissipels het Hom gevra, “wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Mattheüs 24:3). Hy antwoord hulle: “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam” (vers 9). By 'n ander geleentheid waarsku Jesus Sy volgelinge: “Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel. En ook voor goewerneys en konings sal julle gebring word om My ontwil tot 'n getuienis vir hulle en vir die heidene” (Mattheüs 10:17-18).

Vir wie was God se waarskuwings bedoel? Nie vir die nie-Christene of valse Christene nie – dit was 'n eenvoudige waarskuwing aan Sy “geestelike Israel” dat hulle 'n getuienis vir die “nie-Christene”

sal wees. Ons leef egter vandag in 'n wêreld waar net maar die woord “Christelik” – selfs wanneer van toepassing op vals leringe wat Jesus Christus Self sou veroordeel – genoeg kan wees om vervolging aan te blaas!

## Rampspoed lê voor!

Waar gaan vandag se anti-Christelike sentimente heen lei? Wat is die *huidige* gevolge, en gaan daar *toekomstige* onverwagte gevolge wees van hierdie skokkende verskynsel?

Oor die laaste paar dekades het bywoning van Protestantse eredienste in Engeland dramaties afgeneem, en aggressiewe ateïste haal die hoofopskrifte. Dit is geen wonder dat in só 'n soort omgewing, meningspeilings vind dat amper twee-derdes van Britse tieners nie aan God glo nie, en dat byna die helfte van hulle voel dat georganiseerde godsdiens geen plek in die wêreld moet hê nie.

'n Ander Engelse studie onthul dat in sommige dele van die toenemend wêreldlike nasie, byna drie-kwart van alle geboortes nou *buite* die huwelik plaasvind (*The Sunday Times*, 18 April 2010). Hierdie skokkende syfer bevestig die antieke profesieë deur Hosea rakende die Israelitiese nasies, omdat hulle daarvan hou om “na die gebod *van mense* te wandel” – verkies om “hulle eie ding te doen” – daarom het hulle “onegte kinders verwek” (Hosea 5:7, 11). Lank gelede het God 'n waarskuwing gerig aan die Israeliete, aan wie, as Sy

uitverkore nasie, Hy Sy wette geopenbaar het – “as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n *afsku* het, sodat julle nie al my gebooe doen nie ... [sal] Ek ... verskrikking oor julle beskik ... julle [sal] voor jul vyande verslaan word ... Ek sal julle trotse mag verbreek ... Ek sal julle stede puinhope maak ... Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek” (Levitikus 26:15-33).

In die lig van hierdie antieke profesieë is dit kwalik toeval dat Amerika, Brittanje en ander hedendaagse Israelitiese nasies ernstige finansiële probleme, toenemende maatskaplike twis en verlies aan invloed in die wêreld ervaar – *gedurende dieselfde tyd* dat hulle hul *distansieer* van enige voorgee dat hulle God aanbid – en dit selfs 'n *kriminele oortreding* maak om te praat van of standpunt in te neem vir Bybelse waarhede of, inderdaad, *enige* leringe in die naam van “Christelikheid”. Dit is verseker 'n droewige dag wanneer regerings besluit dat dit maar reg is om die Bybel uit openbare skole te verban, en wanneer nasies wat hulself “Christelik” genoem het, nou ly aan wat die Engelse Parlements lid, Mark Pritchard, “Christenphobia” genoem het (*BBC News*, 4 Desember 2007). Tensy ons as nasies ons bekeer, ons foute erken en ons na God wend, is die “skrif teen die muur” vir die hedendaagse nasies wat van antieke Israel afstam!

—Douglas S. Winnail

**Vervolg vanaf bladsy 15 – Wie was Jesus?**

aanklag van wetbreking teen hulle geformuleer het, het hy hulle oorgelewer om gestenig te word” (*Antiquities of the Jews*, Bk. 20, hoofstuk 9, deel 1).

Ja, daar is geskiedkundige bewys van Jesus Christus se bestaan. Dit is verstommend, maar party mense sal die getuienis van 'n geskiedskrywer soos Josefus aanvaar, maar die getuienis van ooggetuies van Jesus se tydgenote, Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes wat almal getuig het van en geskryf het oor die lewe, wonderwerke en leringe van ons Verlosser, ignoreer. Die apostel Johannes het selfs geskryf: “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe – en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is” (1 Johannes 1:1-2).

Die apostel Johannes getuig

in hierdie paragraaf dat hy en die ander Apostels nie slegs die Woord van die Lewe – Jesus, die Messias – gesien en gehoor het nie, maar hulle het Hom ook aangeraak. Na Sy opstanding het Jesus aan die ongelowige Thomas gesê om sy hand in die spieswond wat Hom gedood het, te steek. “Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig” (Johannes 20:27). Wat was Thomas se reaksie? “En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!” (vers 28).

Jesus Christus het gesterf en het weer opgestaan. Hy lewe vandag. Indien Hy nie sou lewe nie, sou ons nog steeds in ons sondes wees. Soos Paulus geskryf het: “Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes” (1 Korinthiërs 15:16-17). Die goeie nuus word egter net hierna

gegee: “Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens” (verse 20-21).

Dus, wie was Jesus? Die belangriker vraag is egter – wie is Jesus? Hy is ons lewende Verlosser! Hy is ons groot Hoëpriester, soos die apostel Paulus verduidelik in Hebreërs 3:1 en 4:14. Hy sit tans aan die regterhand van God in die hemel, waar Hy “vir ons intree” (Romeine 8:34). Hy sal binnekort na die planeet Aarde terugkeer as die Koning van die konings en die Here van die here (Openbaring 19:16), om die Koninkryk van God reg hier op hierdie aarde te vestig en wêreldvrede te bring! Sal u gereed wees vir Sy wederkoms? Sal u Sy offer aanvaar, u bekeer en 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom leef? Dank God dat die Bybel Jesus Christus openbaar – die lewende, liefdevolle Verlosser van die wêreld! **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 12 – Die groei van 'n leier**

saam konings nie?” (Jesaja 10:5-8).

Om te verhoed dat ons die rol van Assirië teen die “roekelose nasie” verkeerd verstaan, moet ons verstaan dat God daardie nasie sal gebruik om Sy wil teweeg te bring. Die tyd sal uiteindelik ook aanbreek wanneer God daardie merkwaardige volk op 'n

vreedsame manier sal gebruik. “In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het,

met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!” (Jesaja 19:23-25). Hou aan om gebeure in Europa dop te hou. *Die Wêreld van Môre* sal ook voortgaan om daardie gebeure duidelik te maak met die lig van Bybelse profesie. **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

(Prediker 9:11) was nie betrokke nie. God het die mense van Juda herhaaldelik gewaarsku om hulle te bekeer en na Hom terug te keer. Hulle wou nie. Dus het God Koning Nebukadnésar as werktuig in Sy hande gebruik om Juda binne te val en te verower – om God se werktuig te wees om Juda te straf en te verootmoedig tot ware bekering! Let noukeurig op die boodskap wat God aan Juda gestuur het deur die profeet Jeremia: “Daarom, so sê die HERE van die leërskaare: Omdat julle na my woorde nie geluister het nie, laat Ek al die geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en Nebukadnésar, die koning van Babel, my dienaar; en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespotting en ewige puinhope” (Jeremia 25:8-9).

Wanneer ons dus sien dat die buitelandse vyand begin om hedendaagse Amerika, Kanada en Brittanje binne te val en te verower, moet ons nie verskrik, verward of ontmoedig wees nie. Diegene van u wat die profetiese artikels in hierdie tydskrif gelees en waarlik verstaan het, besef ongetwyfeld nou dat die grote God spoedig gaan ingryp en ons mense kragtig gaan tugtig, tensy ons tot diepe bekering komen ons wend na die ware weë van God!

Gedurende die grootste beproewings en toetse sal God se ware kinders nogtans verstaan: “God is liefde” (1 Johannes 4:16). Hulle sal besef dat God beproewings en toetse oor ons bring vir ons eie beswil. Deur die ywerige bestudering van God se woord en meer en meer van God se “gesindheid” in te drink, sal God se mense in die jare wat voorlê besef dat God ingryp deur hierdie regstellende straf oor Sy mense te bring as gevolg van Sy groot liefde, en om sodoende lesse aan hulle te leer vir alle ewigheid – lesse wat hulle onwillig is om op enige ander wyse te leer. Ware Christene verstaan wel dat die grote God sê: “Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie” (Maleagi 3:6). Vandag handel God met hedendaagse Israel – insluitend die Amerikaners

en nasies van Britse afkoms – net soos Hy gedoen het met antieke Juda deur hulle in Babiloniese ballingskap te stuur.

Onthou wat God aan daardie Joodse gevangenes gesê het: “Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring. Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister” (Jeremia 29:10-12).

Namate die stormwolke saampak en die duisternis oor ons mense toesak, behoort ons te onthou wat Jeremia aan Juda gesê het, dat God aan ons “'n hoopvolle toekoms” wil gee. Ons behoort te weet dat wanneer ons mense uiteindelik na God draai “met hulle hele hart”, Hy hulle sal terugbring uit ballingskap en ons mense meer salseën aswat hulle ooit geseën was.

God sê aan ons: “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (Jeremia 31:31-34). Gedurende daardie tyd sal daar nie meer vals dienaars wees wat die mense sal leer dat God se heilige wet “aan die kruis gespyker” of “mee weggedoen” is nie. Alle mense sal uiteindelik leer om volgens al tien van die Tien Gebooe as lewenswyse te leef. Dan sal daar ware vrede en oorvloedige vreugde oor die hele

aarde heers.

Soos Dawid geïnspireer was om aan ons te sê: "Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is" (Psalm 103:11-14). Wanneer ons ons aan hierdie grote God onderwerp as ons Vader en wanneer ons sover kom om Hom werklik te "ken" deur Jesus

Christus wat in ons leef, dan sal ons in staat wees om na Hom te kyk en ten volle te verstaan dat die absolute Bron van alle liefde en goedheid werklik "in beheer" is. Namate ons groei in hierdie insig, dan werklik, sal "die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:7).



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**